UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

**Hoofstuk 1**

**Inleiding, konseptualisering, probleemstelling en programaankondiging**

↓

Hoofstuk 2

`n Oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting

↓

Hoofstuk 3

Kultuur en kruiskulturele faktore in die ontwerp van `n model vir beroepsvoorligting

↓

Hoofstuk 4

`n Oorsig van bestaande modelle vir beroepsvoorligting

↓

Hoofstuk 5

`n Postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

↓

Hoofstuk 6

Implementering en uittoetsing van die model

↓

Hoofstuk 7

Samevatting en aanbevelings



# HOOFSTUK 1
# INLEIDING, KONSEPTUALISERING, PROBLEEMSTELLING EN PROGRAMAANKONDIGING

## 1 ALGEMENE INLEIDING

Dramatiese politieke veranderinge in Suid-Afrika het tot gevolg gehad dat daar snelle verandering, hernuwing en ontwikkeling in die samelewing plaasgevind het. In 'n poging om die balans te herstel in 'n gemeenskap waar diskriminasie en dispariteit aan die orde was, moes samelewingsinstellings drastiese veranderinge ondergaan en dringende aanpassings maak.

Die onderwysstelsel in Suid-Afrika was geen uitsondering nie en moes desnoods hernuwing ondergaan ten einde verteenwoordigend te raak van die ganse bevolking. Dit het noodsaaklik geword om diverse onderwysbehoeftes in Suid-Afrika te erken en te hanteer.

Die werkskomitee vir voorligting van die RGN (1981) het tot die besluit gekom dat die primêre behoefte van leerders in die RSA daarop gerig is om voorberei te word op die wêreld van werk ná skool (RGN 1981; Witskrif op Onderwys 1995:25-26). Die volgende word aanbeveel: *Education should be the training ground for the economy and consequently career guidance should be linked more closely to the economy* (RGN 1981 Ib:92; Witskrif op Onderwys 1995:22).

Die uitkoms van die hernuwingsproses in die onderwys vind gevolglik neerslag in Uitkomsgebaseerde Onderwys en Kurrikulum 2005. In hierdie nuwe benadering tot die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderwys word spesifiek voorsiening gemaak vir die onderrig van lewensvaardighede as een van die leerareas. Die National Commision on Special Needs in Education and Training (NCSNET) en die National Committee for Education Support Services (NCESS) se verslag met bevindinge en riglyne aangaande die voorsiening van kwaliteit onderrig vir almal (1997:1-269), stel die behoefte aan 'n nuwe model vir beroepsvoorligting prominent.

Uitdagings soos multikulturaliteit[1] en diverse wêreldbeskouings dien as motivering aan beroepsvoorligters[2] om 'n model[3] vir beroepsvoorligting te ontwerp waarby die ganse bevolking aanklank sal vind. Betz en Fitzgerald (1995:275) vermeld in hierdie verband dat daar van beroepsvoorligters verwag word om toenemend 'n nuwe gesindheid in te neem. Hulle stel dit soos volg: *an attitude not only respectful of but valuing diversity as enhancing the richness of one's life.*

Volgens Savickas (1993:205) is dit verder belangrik dat beroepsvoorligters op hoogte moet bly met veranderinge en vooruitgang in 'n samelewing. Verandering en vooruitgang impliseer ontwikkeling, wat as 'n proses ontstaan vanweë die behoeftes wat 'n gemeenskap ervaar.

Suid-Afrika en die wêreld betree 'n nuwe benadering of era wat volgens De Klerk (in Maree 1998/9:15) 'n transformasie van industrie na informasie, burokrasie na spanwerk en kompetisie na samewerking behels. Hierdie verandering vanaf die moderne era na 'n postmoderne era het ontstaan vanweë ernstige tekortkominge in die moderne wêreld. Savickas (1993:205) verklaar in aansluiting hierby:

---

[1] Die term "multikulturaliteit" word omskryf in hoofstuk een afdeling 5.8.
[2] Vir die doel van hierdie studie verwys die term "beroepsvoorligter" na sowel sielkundiges as voorligtingsonderwysers.
[3] Die gebruik van die term "model" is 'n kontradiksie van die uitgangspunte van die postmoderne benadering omdat die postmoderne benadering juis nie gekoppel wil word aan voorskrifte en voorgeskrewe planne nie. Vir gebrek aan 'n beter term word die term "model" in hierdie proefskrif gebruik met die uitsluitlike doel om die navorser se konseptualisering van 'n postmodernistiese benadering tot beroepsvoorligting te illustreer. Die term "model" word omskryf in hoofstuk een afdeling 5.3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Hallmarks of the modern era such as logical positivism, objectivistic science and industrialism are being questioned as we decenter from an us versus them singular perspective toward a multiple perspective discourse.*

Kenmerkend van die postmoderne era[4] is dat 'n verskeidenheid in kultuur, waardes en godsdienstige oortuigings nou as verrykend vir 'n samelewing geag word. Verskille word nie meer verwyder/opgehef nie, maar wel geakkommodeer. Die kreatiwiteit, behoeftes en waardes van elke individu behoort binne dié raamwerk die keuse van 'n beroep[5] te rig.

Seeger (1999:1) voer aan dat die inligtingsontploffing en tegnologiese vooruitgang wat wêreldwyd in vorme soos die internet beskikbaar is, besig is om die wêreld van werk te verander. Beroepsvelde is besig om te verdwyn terwyl daar 'n klemverskuiwing in meeste ander beroepe plaasvind wat nuwe vaardighede gaan verg. Seeger (1999:1) stel in hierdie verband die volgende:

> *If your kids have their hopes pinned on becoming a travel agent or stockbroker, you should warn them that these jobs could soon be extinct. Thanks to the internet, these careers could join the cemetry of extinct occupations along with typing pools and filing clerks.*

'n Klemverskuiwing van waardes binne die beroepswêreld veroorsaak dat die beroepsvoorligtingsproses aangepas moet word ten einde behoeftes (wat relevant is vir die konteks en era waarbinne die Suid-Afrikaanse gemeenskap funksioneer) aan te spreek. Hierdie studie word dus gerig op die unieke beroepsvoorligtingsbehoeftes wat leerders in Suid-Afrika binne 'n postmodernistiese konteks ervaar.

'n Kritiese ondersoek is enersyds nodig na huidige modelle[6] van beroepsvoorligting wat deur verskeie Universiteite en Technikon's gebruik word. Andersyds behoort al die

---

[4] Die term "postmodernisme" word omskryf in hoofstuk een afdeling 5.6. Verheldering van hierdie begrip vind ook in hoofstuk vyf plaas. Vir doeleindes van hierdie studie word die term "postmodernistiese" meer algemeen gebruik omdat dit geag word 'n meer omvattende beskrywing te wees van die postmoderne uitgangspunte en epistemologiese standpunte. Daar mag wel ook gebruik gemaak word van die terme "postmodern" of postmodernisme na gelang van die konteks waarbinne dit gebruik word.'

[5] Vir doeleindes van hierdie studie verwys die term "beroep" na die tipe werk wat gedoen word binne 'n bepaalde beroepsomgewing.

[6] Huidige modelle vir beroepsvoorligting van verskeie universiteite en technikons plaaslik en internasionaal word in hoofstuk vier afdeling 3.1en 3.2 beskryf..

veranderlikes in ons gemeenskap bestudeer te word sodat riglyne uiteengesit kan word vir 'n deurskouing van beroepsvoorligting op mikro- en makrostrukturele vlak binne 'n postmodernistiese konteks.

## 2 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Om te werk vorm 'n integrale deel van die mens se bestaan en die samelewing eis dat elke deelnemer daaraan 'n bydrae sal lewer. Daar kan tereg gesê word dat een van die belangrikste keuses wat 'n mens kan maak is die keuse van 'n toekomstige beroep. Hierdie keuse het per slot van sake omvattende implikasies vir 'n individu se toekoms.

Die behoefte aan beroepsvoorligting is geen nuwe verskynsel nie en daar word reeds geruime tyd op gestruktureerde wyse begeleiding in hierdie verband verskaf. Ofskoon daar effektiewe metodes bestaan waarvolgens beroepsvoorligting verskaf word in die RSA, moet in gedagte gehou word dat hierdie modelle ontwerp en van toepassing was op Suid-Afrika se voormalige ongelyke samelewing, binne 'n moderne wêreldkonteks. Volgens Kirchener (in Maree 1998/9:1) is daar in Suid-Afrika vandag 'n ambivalente gemeenskap waar daar nie meer 'n enkelvoudige waarheid bestaan nie.

In die konteks van 'n diverse, hersaamgestelde gemeenskap in 'n postmoderne era kan die volgende aspekte van bestaande modelle vir beroepsvoorligting as remmend vir effektiewe beroepsvoorligting beskou word:

- Beroepsvoorligting was tot op hede eksklusief vir blanke afrikaans- en engelssprekende leerders[7] toeganklik. Modelle vir voorligting was ontwerp om in hierdie spesifieke groep se behoeftes te voorsien wat uiteraard veroorsaak het dat dit nie toepaslik of relevant was vir 'n multikulturele, hersaamgestelde groep leerders

[7] In hierdie studie word die standpunt gehuldig dat enige rasse- of etniese klassifikasie van bevolkingsgroepe 'n kunsmatige manier is om tussen mense te onderskei. Dit herinner boonop aan die taal van die apartheidsera. Dit word egter gedoen met die doel om ongelykhede in die Suid-Afrikaanse bevolking uit te lig, met die oog op regstelling van die situasie.

nie. Vanweë ongelyke voorsiening was sowel voorligtings-[8] en beradingsdienste[9] as hulpbronne aan skole nie vir almal beskore nie. Dit was veral leerders uit benadeelde gemeenskappe wat hierdie noodsaaklike diens moes ontbeer. Bestaande agterstande is nog nie effektief opgehef nie wat tot gevolg het dat daar steeds 'n groot behoefte aan effektiewe, sinvolle beroepsvoorligting by 'n groot deel van ons bevolking bestaan.

- Bestaande modelle vir beroepsvoorligting steun hoofsaaklik op die resultate van psigometriese toetse as uitkoms vir die voorligtingsproses. Volgens De Klerk (in Maree 1998/9:13) is die gebruik van psigometriese toetse binne Suid-Afrika se multikulturele konteks vir die volgende redes problematies:

✓ Daar is baie min psigometriese toetse wat spesifiek vir Suid-Afrika se multikulturele bevolking ontwerp is.

✓ Amerikaanse en Europese toetse is nie altyd geldig of betroubaar vir die diverse kulture in die RSA nie.

✓ Daar word groot waarde geheg aan die resultate van psigometriese toetse wat tot gevolg het dat die beroepsvoorligter as gesaghebbend beskou word en dat aanbevelings sonder meer aanvaar word.

✓ Deur op die resultate van psigometriese toetse staat te maak vermy die leerder die verantwoordelikheid om selfstandig besluite oor die toekoms te neem. Daar is dus min sprake van selfontdekking en groei in hierdie proses.

✓ Die Nasionale kommissie op Spesiale Onderwysbehoeftes en Opleiding (NCSNET 1997:111) stel ook in hierdie verband dat gestandaardiseerde toetse alleenlik aangewend behoort te word indien daar sekerheid bestaan dat die gebruik van sodanige toetse nie diskriminerend van aard is nie. Die geldigheid van toetse moet deeglik ondersoek word alvorens dit aangewend word.

In aansluiting hierby verklaar Savickas (1993:213) die volgende: *Career counseling in a postmodern era will rely more on autobiography and meaning making than on interest inventories and guidance techniques.*

---

[8] Die term "voorligting" word in hoofstuk een afdeling 5.2.1 omskryf.
[9] Die term "berading" word in hoofstuk een afdeling 5.2.2. omskryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Grobler (1996:1) vereis beroepsvoorligting in die 'Nuwe Suid-Afrika' 'n omvattende benadering om aan die uiteenlopende behoeftes van 'n multikulturele bevolking te voldoen. Belangrike aspekte wat tydens die hernuwing van die model vir beroepsvoorligting verreken behoort te word, sluit in:

- die toepaslikheid van sodanige model vir alle kulture, geslagte en sosio-ekonomiese groepe;
- die fokus vir beroepsvoorligting behoort gerig te word op die lewenswerklikheid van die individu;
- behoeftes en waardes van die individu behoort rigtinggewend te wees ten opsigte van die keuse van 'n beroep; en
- postmoderne invloede behoort in só 'n model verreken te word.

Verandering wat in die wêreld van werk ontstaan het vanweë tegnologiese vooruitgang dien as verdere motivering vir 'n studie van hierdie aard. Ter illustrasie hiervan word verwys na 'n artikel getitel *New careers for the new millenium* (Seeger 1999:1) waarin vermeld word dat sekere beroepe 'uit' is en van die toneel gaan verdwyn terwyl 'n hele aantal 'nuwe' beroepe weer as belangrik vir die toekoms beskou word. Seeger (1999:1) noem in hierdie verband die volgende beroepe:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Tabel 1.1** Nuwe beroep vir die nuwe millennium (Seeger 1999:1)

| Beroepe wat 'in' is | Beroepe wat 'uit' is |
|---|---|
| *Virtual organisation leader* | *Postman* |
| *Content engineer* | *Traders on stock exchange floor* |
| *Chief community strategist* | *Stockbroker* |
| *Ethical hacker* | *Travel agent* |
| *E-mail channel specialist* | *Photo lab worker* |
| *Consumer experience manager* | *Typist* |
| *Metamediary* | *Personal assistant* |
| *Chief knowledge officer* | *Secretary* |
| *Chief internet officer* | |
| *Content engineer* | |
| *Personal surfer* | |

Vanuit hierdie tabel kan afgelei word dat heelwat nuwe beroepsvelde tot stand kom en dat die eise wat aan die beroepsvoorligter gestel word dienooreenkomstig sal aanpas.

## 3. DEFINIëRING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN FORMULERING VAN NAVORSINGSVRAE

### 3.1 Die navorsingsprobleem

Mouton (1996:65) glo dat navorsing met 'n refleksie begin wat aan die hand van ongestruktureerde gedagtes, vermoedens, vrae of hipoteses kan plaasvind.

Probleme wat tans in Suid-Afrika ten aansien van beroepsvoorligting ervaar word, kan onder meer soos volg saamgevat word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Veranderinge in die onderwysstelsel in die postapartheid Suid-Afrika het saam met die implementering van Kurrikulum 2005 duidelike leemtes in die huidige loopbaanvoorligtingsmodelle uitgewys (Kurrikulum 2005:1997). Hierdie leemtes het ontstaan omdat bestaande modelle nie deurlopend aangepas is om voorsienig te maak vir die verrekening van kultuurverskille en diverse wêreldbeskouings nie (Maree 1996/7:2-3; Kurrikulum 2005:1997).
- Beroepsvoorligting is steeds nie toeganklik vir die groter meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking nie en bestaande agterstande in opleiding is steeds nie opgehef nie (Maree 1996/7:12-13).
- Werkloosheid onder Suid-Afrikaners is tans aan die toeneem vanweë opleidingsagterstande, min werksgeleenthede, ontoereikende beroepsbegeleiding (wat tot beroepsontevredenheid lei) en opleiding wat nie gerig is op die eise wat deur 'n veranderende samelewing gestel word nie. Die oproep tot beroepsvoorligters om hierdie probleme te hanteer, tree tans sterker as ooit op die voorgrond (De Klerk in Maree 1998/9:14).
- Mannekragontwikkeling in Suid-Afrika behoort as 'n prioriteit beskou te word ten einde 'n steeds verswakkende ekonomie te help versterk (De Klerk in Maree 1998/9:14).
- Beroepsvoorligting raak meer kompleks en daar word aan die einde van die twintigste eeu hoër eise aan die beroepsvoorligter gestel om leerders toe te rus om in 'n steeds veranderende wêreld 'n verantwoordbare[10] beroepskeuse te maak.

Bogenoemde navorsingskwessies het die navorser laat reflekteer oor die relevansie en resentheid van bestaande modelle vir beroepsvoorligting. Daar is veral tot die besef gekom dat die toepassingsmoontlikhede van bestaande modelle ten opsigte van die behoeftes van veral die meerderheid van die RSA se inwoners uiters beperk is. Die beroepsvoorligtingsbehoeftes van alle leerders, ongeag ras, geslag of kultuur behoort binne die Suid-Afrikaanse postmodernistiese konteks aangespreek te word.

[10] Die term "verantwoordbare" word in hoofstuk een afdeling 5.9 omskryf.

**In essensie behels die navorsingsprobleem die vraag hoe die diverse beroepsvoorligtingsbehoeftes van alle leerders (spesifiek in die RSA) in 'n postmodernistiese konteks hanteer kan word.**

### 3.2 Die formulering van navorsingsvrae

Die volgende relevante navorsingsvrae kan aan die hand van die navorsingsprobleem geformuleer word:

- **Wat is die aard van moderne epistemologiese vertrekpunte rakende beroepsvoorligting? (Hoofstuk 2)**
- **Wat is die kultuurspesifieke beroepsvoorligtingsbehoeftes wat leerders tans in 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks ervaar? (Hoofstuk 3)**
- **Watter tendense is sigbaar in bestaande modelle van beroepsvoorligting in die RSA by universiteite en technikons, asook by internasionale tersiêre opleidings instansies? (Hoofstuk 4)**
- **Wat is die beroepsvoorligtingsbehoeftes wat leerders tans in 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks ervaar? (Hoofstuk 5)**
- **Hoe sal die konseptualisering van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting daar uitsien? (Hoofstuk 5)**
- **Wat is die toepassingsmoontlikhede van 'n postmodernistiese model vir beroepvoorligting? (Hoofstuk 6)**

## 4 NAVORSINGSONTWERP

Mouton (1996:175) glo dat die doel waarvoor 'n navorsingsontwerp beplan word, die volgende is: *To plan, structure and execute the relevant project in such a way that the validity of the findings is maximised.*

Die navorsingsontwerp van die onderhawige studie behels die volgende:
Die doel van die navorsing
Die tipes navorsing wat uitgevoer is

Steekproefneming

Metodes waardeur die inligting versamel is

### 4.1 Die doel van die navorsing

Die doel van hierdie studie is om 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te ontwerp aan die hand waarvan alle leerders deur betekenisvorming hul eie toekomsverhale kan skep.

Hierdie studie is eerder ondersoekend as verklarend van aard en is gevolglik gerig op **die generering van hipoteses eerder as op hipotesetoetsing**. Hodgkinson (1998:12) het die volgende diagram uit Mouton aangepas om die verskil tussen 'n hipotesegenererende studie en 'n hipotesetoetsende studie aan te dui:

**Figuur 1.1**: Hipotesegenerings- en hipotesetoetsingsraamwerke (Hodgkinson 1998:13)



## 4.2 Tipes navorsing wat uitgevoer is

### 4.2.1 Literatuurstudie

Die ondersoek sal poog om bestaande literatuur en navorsing oor die onderwerp te ondersoek. Die literatuur oor die postmodernisme en beroepsvoorligting sal bestudeer word. Die literatuur oor die onderwerp soos dit tans bestaan, sal beskryf word.

Volgens De Wet, Monteith, Steyn en Venter (1981:12) kan 'n navorser op grond van 'n analise van bestaande literatuur tot nuwe insigte kom en 'n nuwe teorie of model ontwerp wat 'n beter verklaring vir bestaande gegewens bied.

### 4.2.2 Beskrywende navorsing

Volgens De Wet *et al.* (1981:12) word beskrywende navorsing uitgevoer om inligting te verkry oor bestaande situasies of om standaarde of norme te verkry waarmee bestaande toestande vergelyk kan word.

Deur van beskrywende navorsing gebruik te maak, word inligting vanaf verskeie tersiêre instansies, plaaslik en internasionaal, aangevra. Hierdie inligting sal gebruik word om die bestaande praktyke ten opsigte van beroepsvoorligting[11] te ondersoek.

### 4.2.3 Idiografiese/gevallestudie navorsing[12]

In hierdie studie word van idiografiese/gevallestudie as navorsingstrategie gebruik gemaak. Daar sal gepoog word om *die enkele, unieke gebeurtenis of verskynsel en die wyse waarop dit struktureel saamhang* (Mouton & Marais 1990:51) in die beroepsvoorligtingspraktyk binne 'n postmoderne konteks te bestudeer en verklaar.

---

[11] Vir bondigheid sal ook van die term "voorligting" gebruik gemaak word as sinoniem vir die term "beroepsvoorligting" en so ook van die term "voorligter" as sinoniem vir die term "beroepsvoorligter".
[12] 'n Verdere beskrywing van idiografiese/gevallestudies kan in hoofstuk ses afdeling 2 gevind word.

Sturman (Keeves 1997:63) verwys na vier metodes aan die hand waarvan idiografiese/gevallestudies[13] kan voltrek naamlik:

- Etnografiese gevallestudies wat 'n enkele, in-diepte studie behels, wat gewoonlik aan die hand van deelnemer observasie en onderhoudvoering voltrek word.
- Aksienavorsing gevallestudies waar die fokus gerig is daarop om verandering in die gevallestudie te bewerkstellig.
- Evaluerende gevallestudies wat die evaluering van programme behels.
- Opvoedkundige gevallestudies wat ontwerp is om die begrip vir opvoedkundige situasie te verbeter.

Die vertrekpunt vir navorsing in hierdie studie is die bestudering van enkele gevallestudies ten einde verskille en ooreenkomste aan te dui. Volgens Mouton en Marais (1990:51) is hierdie benadering eie aan die aard van gevallestudies. Die bestudering van die gevallestudie in terme van die *onmiddelike konteks of kader* (Mouton & Marais 1990:51) daarvan, beteken dat hierdie navorsingstrategie **kontekstueel** van aard is. Waar die navorsingsdoelstelling van hierdie studie dus verklarend-voorspellend van aard is, is daar sprake van kontekstuele verklaring aan die hand van gevallestudies en interne geldigheid.

**Interne geldigheid** is aanduidend van die feit dat hierdie studie ten doel stel om akkurate en werklikheidsgetroue bevindinge oor 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te genereer. Volgens Mouton en Marais (1990:52-53) is die kriteria vir interne geldigheid die volgende:

- Konstrukte wat gemeet is, lewer geldige metings op.
- Die ingesamelde data is akkuraat en betroubaar.
- Die ontleding bly getrou aan die data.
- Die finale gevolgtrekkings word deur die data ondersteun.

Vir die doel van hierdie studie beteken bogenoemde kriteria van interne geldigheid die volgende:

---

[13] Vir bondigheid sal die term "gevallestudies" as sinoniem vir idiografiese studie gebruik word.

Vir die doel van hierdie studie beteken bogenoemde kriteria van interne geldigheid die volgende:

- Dat die onderhawige gevallestudies sal fokus op die implementering en uittoetsing van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.
- Dat alle data van die onderhawige gevallestudies werklikheidsgetrou in hierdie studie weergegee sal word.
- Dat die bespreking (analise, sintese) van die data getrou sal wees aan die vergestalting daarvan binne die beroepsvoorligtingsproses.
- Dat alle gevolgtrekkings begrond sal wees deur die bespreekte data soos wat dit in die beroepsvoorligtingsproses na vore tree.

Die navorsing sal sinchronies, of te wel kruisstruktureel geskied. **Kruisstrukturele navorsing** behels volgens Mouton en Marais (1990:43) dat *'n bepaalde verskynsel op 'n gegewe moment as voorwerp vir navorsing geld.* Vir doeleindes van hierdie studie is die bepaalde verskynsel die effektiwiteit van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

Die meetinstrument ('n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting), die navorser en die tyd-ruimtelike konteks sal konstant bly, maar verskillende subjekte sal deelneem aan die studie. Sodoende word al vier die **veranderlikes wat betroubaarheid** van waarnemings mag bedreig (Mouton & Marais 1990:81) aangespreek.

In die navorsingsontwerp het die navorser dus gepoog om die hoogs moontlike betroubaarheid en interne geldigheid vir die idiografiese-/gevallestudie navorsing, te bewerkstellig.

Volgens Sturman (in Keeves 1997:65) kan die volgende strategieë ook aangewend word om die betroubaarheid van gevallestudies te verhoog:

- Die prosedure wat gevolg word om die data te versamel, moet beskryf word.
- Die data wat versamel word moet beskikbaar gestel word vir heranalise.
- Negatiewe momente moet vermeld word.

- Vooroordele moet verreken word.
- Veldwerkanalises moet aangeteken word.
- Die verhouding tussen bewerings en verklarings moet verhelder word.
- Primêre- en sekondêre verklarings moet van mekaar onderskei word. So ook beskrywing van interpretasie.
- 'n Dagboek van die verskillende fases van die studie moet gehou word.
- Metodes moet ontwerp word om die kwaliteit van die data wat versamel is te beoordeel.

In hierdie studie word spesifiek gebruik gemaak van *ex post-facto*-navorsing asook aksienavorsing in die benadering tot gevallestudies.

### 4.2.3.1 *Ex post facto*-navorsing[14]

Aspekte van *ex post facto*-navorsing wat in hierdie studie aangewend word, behels dat daar 'n 'na die feit'-benadering gevolg is deur 'n terugskouing te neem op betrokke faktore. In die onderhawige studie word *ex post facto*-navorsing voltrek wanneer gefokus word op gevallestudies waar kliënte reeds voorligting ontvang het aan die hand van die tradisionele benadering tot voorligting. Hierdie benadering sal dan vergelyk word met 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

### 4.2.3.1 Aksienavorsing[15]

Cohen en Manion (1994:192) beskryf aksienavorsing as

> *Essentially an on-the-spot procedure designed to deal with a concrete problem located in an immediate situation. This means that the step-by-step process is constantly monitored over varying periods of time and by a variety of mechanisms (questionnaires, diaries, interviews and case studies, for example) so that the ensuing feedback may be translated into modifications, adjustments, directional changes, redefinitions as necessary, so as to bring*

---

[14] Gevallestudies wat aan die hand van *ex post facto*-navorsing voltrek word in hoofstuk ses afdeling 3.1 tot 3.4 bespreek.

[15] Gevallestudies wat aan die hand van aksienavorsing voltrek word in hoofstuk ses afdeling 3.5 tot 3.6 bespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*about lasting benefit to the ongoing process itself rather than to some future occasion, as is the purpose of more traditionally oriented research. Unlike other methods, no attempt is made to identify one particular factor and study it in isolation, divorced from the context giving it meaning.*

Die gevallestudiemetode word by wyse van aksienavorsing gekontinueer wanneer gefokus word op gevallestudies waar kliënte voorligting ontvang aan die hand van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting ten einde die bruikbaarheid van só 'n model uit te toets en waar nodig enkele aanpassings of aanbevelings te maak ten opsigte van hierdie model.

Die proses wat gevolg is kan aan die hand van McLean (1995:67) se sikliese model vir aksienavorsing soos volg voorgestel word:

**Figuur 1.2**: Aksienavorsing soos aangepas op grond van McLean (1995:67) se sikliese model.



## 4.3 Steekproefneming

Die universum of populasie van 'n navorsingsprojek kan gedefinieer word as die totale groep persone of omvattende versameling items (elemente) waarop die studie betrekking het (Steyn, Smit & Du Toit 1982:13).
In die lig van dié definisie kan die volgende populasies vir hierdie bepaalde studie onderskei word:

- Tersiêre opleidingsinstansies - plaaslik (universiteite en technikons) en internasionaal (universiteite).
- Kliënte wat die afgelope twee jaar (1998-1999) by die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding by die Universiteit van Pretoria aangemeld het vir beroepsvoorligting.
- Volwasse milieu-benadeelde kliënte wat by die navorser self aangemeld het vir beroepsvoorligting.

Die diverse populasie moet betrek word met die oog op deeglike beskouing van die verskillende dimensies van die ontwerp van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

Ten aansien van die eerste populasie, naamlik die tersiêre opleidingsinstansies (plaaslik en internasionaal), is besluit om **alle** plaaslike universiteite en technikons by die studie in te sluit. Elke instansie is telefonies gekontak ten einde hul die geleentheid te bied om aan te dui of hulle inligting vir die studie wil of kan beskikbaar stel. Die instansies wat telefonies aangedui het dat hulle die inligting soos versoek vir die studie beskikbaar kan stel, is per geregistreerde pos versoek om data tot die studie by te dra.

Die internasionale universiteite wat by die studie ingesluit is, is geselekteer op grond van die feit dat daar reeds saamwerkverhoudinge tussen hierdie instansies en die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria bestaan. Die gebruik van hierdie universiteite dui op 'n gerieflikheidsteekproef vanweë die toeganklikheid daarvan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tweede populasie sluit al die kliënte wat in die afgelope twee jaar (1998-1999) aangemeld het vir beroepsvoorligting by die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aan die Universiteit van Pretoria. 'n Verdere vereiste wat gestel is, is dat twee manlike persone en twee vroulike persone in die steekproef ingesluit moes wees. Die ideaal was dus om toepaslik te diversifiseer ten einde sorg te dra dat die veranderlikes van kultuur- en geslagsgroep toepaslik verreken is by steekproefseleksie. Die omvang van hierdie populasie noodsaak steekproefneming. Die gebruik van hierdie gevallestudies dui op 'n gerieflikheidsteekproef vanweë die beskikbaarheid en toeganklikheid daarvan. Daar is op ewekansige wyse te werk gegaan om die vier gevallestudies uit die vier hoofkultuurgroepe in Suid-Afrika (naamlik Kleurling, Indiër, Blank en Swart leerders) te selekteer. Die proses van ewekansige selektering is herhaal tot 'n leerder van elk van hierdie bevolkingsgroepe geselekteer is.

Ten aansien van die derde kategorie kon uiteraard nie van willekeurige steekproefneming gebruik gemaak word nie omdat die aantal milieu-benadeelde volwasse leerders wat vir beroepsvoorligting aanmeld, beperk is. Om hierdie rede is leerders wat beskikbaar was vir doeleindes van hierdie studie gebruik.

## 4.4 Metodes waardeur inligting versamel is

Die inligting wat van die onderskeie tersiêre instansies bekom word, word aan die hand van 'n oorkoepelende ongestruktureerde vraag gedoen. Hierdie metode word gevolg omdat vrye response van elke instansie ontlok wil word. Die doel is om die oorkoepelende en daaropvolgende vrae so te stel dat dit enige vooroordele sal beperk. Elke instansie wat aan die studie deelgeneem het is per geregistreerde brief versoek om inligting aangaande die beroepsvoorligtingsmodel wat tans deur die onderskeie instansies gebruik word, beskikbaar te stel.[16]

Die oorkoepelende vraag wat in die vorm van 'n versoek aan al die tersiêre instansies gerig word, lui soos volg:

---

[16] Vergelyk hoofstuk vier afdeling 2 vir verder inligting aangaande die proses wat gevolg is.

**Ten einde met hierdie studie behulpsaam te wees, word u versoek om enige geskrewe inligting en/of formele beleidsdokument aangaande die model van beroepsvoorligting wat tans deur u universiteit/technikon gebruik word, tot hierdie studie beskikbaar te stel.**

Indien enige van die instansies nadere besonderhede versoek, word die volgende subvrae gestel:

- **Spesifiseer die teoretiese standpunte wat die basis vorm van die model wat tans deur u instansie gebruik word.**
- **Is daar enige relevante inligting wat die proses van beroepsvoorligting, wat deur u instansie gevolg word, kan verhelder?**
- **Watter tipe voorligtingstoetse word deur u instansie gebruik?**
- **Hoe word die toetsbattery geselekteer?**
- **Uit hoeveel sessies bestaan u voorligtingsprogram?**
- **Hoe beskou u die rol van die voorligter en die kliënt in die voorligtingsproses?**

Die inligting wat tydens die *post hoc*-navorsing gebruik word, word bekom vanuit die persoonlike lêers van kliënte wat beroepsvoorligting ontvang het aan die hand van die tradisionele benadering[17]. Inligting wat vir die aksienavorsing gebruik word, word bekom deur die toepassing van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op volwasse milieu-benadeelde kliënte[18].

## 5 BEGRIPSOMSKRYWING

Terme soos "beroep", "loopbaan", "beroepsvoorligting", "beroepsberading", "postmodernisme", "model", "ontwerp", "kultuur", "kruiskultureel", "multikultureel", "transkultureel" en "leerders" verskyn direk of by implikasie in die titel van hierdie studie en verdien verdere toeligting.

---

[17] Die tradisionele benadering beklemtoon individuele voorligting met 'n klinies-remediërende styl.
[18] 'n Verdere beskrywing van die toepassning van hierdie model word in hoofstuk 6 afdeling 3.5 en 3.6 aangetref.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 5.1 Beroep en Loopbaan

Jacobs (1988:1) beskryf "beroep" soos volg:
*'n Geheel van menslike bedrywighede, 'n werkkring wat op 'n natuurlike wyse saamhang en waarvoor bepaalde vaardighede vereis word en onder andere ekonomiese waarde het.*

Volgens Tolbert (1974:26) is "beroep" *a definable work activity that occurs in many different settings.*

Tolbert (1974:26) omskryf voorts 'n "loopbaan" as *the sequence of occupations in which one engages.*

Volgens Storey (Grobler 1996:4) is 'n "loopbaan" die opeenvolging van wérkverwante aktiwiteite, met houdings, waardes en aspirasies wat tydens die lewensverloop van 'n individu daarmee gepaardgaan.

Vir die doel van hierdie studie word verwys na "beroep" en "loopbaan" vanuit 'n postmoderne perspektief. Hiervolgens word "beroep" en "loopbaan" beskou as 'n werkaktiwiteit (of opeenvolging van werkaktiwiteite) wat bepaal word deur 'n individu se houdings, waardes en wêreldbeskouing, wat weer op betekenisvorming gerig is.

### 5.2 Beroepsvoorligting en beroepsberading

#### 5.2.1 Voorligting

Die tussentydse kernsillabus vir voorligting (Maree 1996/97:4) omskryf die begrip "voorligting" soos volg:

- 'n Ondersteunings-, ontwikkelings-, en voorkomingsprogram wat op groot groepe leerders gerig is.
- Dit vorm 'n integrale deel van die skoolkurrikulum.

- Dit is kontekstueel sensitief vir die demokratiese ideaal en die behoeftes van die gemeenskap.
- Dit ondersteun leerders sistematies deur persoonlike-, sosiale-, akademiese- en beroepsontwikkeling sodat hulle 'n betekenisvolle rol in die samelewing kan vervul.

Tolbert (1974:27) verduidelik:

> *Career guidance which includes counseling as a specialized service, encompasses all of the services that aim at helping pupils make occupational and educational plans and decisions.*

### 5.2.2 Berading

Die begrip "berading" word in die tussentydse kernsillabus vir voorligting (Maree 1996/97:5) soos volg beskryf:

> *Individuele en kleingroepintervensie wat daarop gerig is om ondersteuning te gee aan diegene met spesifieke probleme/behoeftes sodat hulle dit effektief sal kan hanteer. Dit behels 'n proses wat primêr ontwikkelend van aard is, maar ook ondersteunend, voorkomend en helend.*

Volgens Tolbert (1974:27) is beroepsberading 'n vorm van berading wat primêr fokus op besluitneming rondom beroepe en opleiding. Dit sluit in die verkenning van persoonlike waardes en gesindhede.

Vir doeleindes van hierdie studie word die term "beroepsvoorligting" gebruik om te verwys na 'n diens wat gelewer word om leerders op mikro- sowel as makrostrukturele vlak te ondersteun en om die proses van voorligting sodanig te fasiliteer dat die kliënt tot 'n selfstandige beroepsbesluit kan kom.

## 5.3 Ontwerp

De Villiers, Smuts en Eksteen (1993:377), omskryf die begrip "ontwerp" as *'n plan maak, iets skets of vorm, en iets voorlopig opstel.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.4 Model

Volgens Kritzinger, Schonees en Cronje (1986:322) beteken die term "model" onder meer die volgende in Engels:
*pattern; example; exemplar*

Terblanche en Odendaal (1966:636) dui aan dat die term uit die volgende tale ontwikkel het:
Frans: *modéle*
Italiaans: *modello*
Latyn: *modulus*.
(Laasgenoemde dui op 'n maat of afmeting).
Die volgende betekenisse word onder meer aan die term "model" geheg: *patroon, voorbeeld, voorgeskrewe vorm* en *tipe* of *toonbeeld van*.

Gove (1976:145) heg weer die volgende betekenisse aan die term "model':

> *'n stel planne; iets wat 'n ander entiteit presies naboots; 'n persoon of saak wat navolgenswaardig is; 'n persoon of saak wat as 'n bron van inspirasie dien en 'n versameling van statistiese data.*

Drost (1995:4) definieer "wetenskaplike modelle" as *spekulatiewe teoretiese verklarings aan die hand waarvan verskynsels en gebeurtenisse in die praktyk verstaan kan word.*

Vanuit verskillende perspektiewe kan verskillende essensies en verbande tussen verskynsels verskillend vertoon. Elke mens, as unieke, kennende subjek vanuit 'n unieke voorkennisbasis en ervaringsraamwerk, gee op unieke wyse betekenis aan dieselfde verskynsel. Sodoende vorm elke mens 'n persoonlik unieke model (ideosinkratiese model). Namate sulke ideosinkratiese modelle by wyse van wetenskaplike gesprekvoering tot herhaalbare konsensusse groei, begin wetenskaplike modelle vorm aan te neem (Drost 1995:4).

b14307200
i15698404

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wetenskaplike modelle moet steeds oop bly vir uitbreiding aan die hand van nuwe inligting, empiriese gegewens, getuienisse, insigte, ontdekkings, openbarings en ontwikkelings (Drost 1995:4).

Vir doeleindes van hierdie studie sal gepoog word om 'n model vir beroepsvoorligting vanuit 'n postmodernistiese perspektief te ontwerp.

### 5.5 Leerders

Die huidige tendens is om die woord "leerder" in die plek van "leerling" te gebruik. Die woord "leerder" is veral geskik in 'n konteks waar dit nie op 'n eksklusiewe groep dui nie. Hierdie siening word ook gehuldig in die nuwe benadering tot Uitkomsgebaseerde Onderwys en lewenslange leer (Curriculum 2005 1997).

Volgens Maree (1997:15) kan die woord "leerder" die volgende betekenisse aanneem:

> *Persone wat leer; persone wat hulle vir 'n bepaalde vak voorberei; persone wat deur lang en sistematiese studie 'n hoë graad van kundigheid en bekwaamheid bereik; asook persone wat die kwaliteite of houdings, nuuskierigheid, deursettingsvermoë, inisiatief, oorspronklikheid, kreatiwiteit en integriteit (behoort te) openbaar.*

Vir die doel van hierdie studie verwys die woord "leerders" na persone wat skoolgaan, of na volwassenes wat behoefte het aan beroepsvoorligting.

### 5.6 Postmodernisme[19]

Lötter (1995: 11) beskou "postmodernisme" as *'n besinning oor, en beoordeling van moderne samelewings.*

Steyn (1997:156) beskou "postmodernisme" as:

---

[19] Die postmodernistiese benadering word volledig in hoofstuk vyf bespreek.

*a farewell to the claim of absolute objective science; the glorification of rational knowledge, the exalted status of empiricaly verified knowledge, the claims of universality, validity and certainty.*

Volgens Lötter (1995: 11) word 'n postmoderne samelewing gekenmerk deur:

- 'n Houding van openheid teenoor dit wat anders is. Dit impliseer 'n openheid tot ander kulture, rasse, godsdienstige of morele oortuiging of seksuele oriëntasie.
- Verskeidenheid in 'n samelewing as iets wat belangrik en verrykend is.
- 'n Vermenging van style en 'n selektiewe en kreatiewe kombinasie van reeds beskikbare idees (ongeag hul oorsprong).
- Skerp kritiek teenoor Eurosentrisme wat as maatstaf gebruik word om alle mense te beoordeel. Nie alleen word die houding dat Europeërs die beste weet getemper nie, maar ook die houding dat deskundiges voorskrifte moet gee waarvolgens gewone mense moet leef.

## 5.7 Kultuur[20]

Die begrip "kultuur" is van die Latynse *colere* afgelei wat dui op die bewerking, bebouing, bewaring en verdeling van grond (Van Rensburg 1988:109). Volgens Kritzinger, Labuschagne en Pienaar (1972:473) is kultuur die geestelike besit van 'n volk op alle moontlike gebiede; maaksels van menslike werksaamhede en vernuf. Grobler (1997:5) wys egter daarop dat die omskrywing van die begrip kultuur binne die Suid-Afrikaanse konteks verskeie negatiewe konnotasies verkry het.

Baloyi (1996:2) omskryf "kultuur" soos volg:

*Culture could be conceptualized as a system of meanings that structures behaviour and integrates existence into a meaningful whole. The collective thought patterns stated above do not exist in themselves. They become visible through, and are revealed in, the lives of individuals and the products of a culture, which include things such as religion, education, achievement, motivation, work ethic, career choices, economics, and the judiciary, etc. By understanding these areas, the world-view of a particular culture is revealed.*

---

[20] Kulturele aspekte word volledig in hoofstuk drie omskryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Biesheuvel, soos aangehaal deur Gobodo (1990:93), beweer dat kultuur 'n konstruk is waarmee effektief gewerk kan word sonder 'n rigiede definisie daarvan.

## 5.8 Kruiskultureel, transkultureel en multikultureel

Volgens Matsumoto (1994:3) behels kruiskulturele navorsing die insluiting van deelnemers uit verskillende kulturele agtergronde en die navorsing/toetsing van verskille tussen die deelnemers. Biesheuvel (Mauer & Retief 1987:3) beskryf kruis-kulturele navorsing in wese as vergelykend van aard. In aansluiting hierby beweer Conradie (1995:15) dat die doel van 'n studie daarop gerig behoort te wees om 'n verskynsel tussen kulture te vergelyk, met ander woorde of dit kruiskultureel van aard is.

Kruiskulturele sielkunde verteenwoordig 'n aspek van die sielkunde wat primêr gemoeid is met die toets van moontlike kennisbeperkinge deur mense van verskillende kulture te bestudeer. Kagitcibasi en Berry (1989:494) beweer dat kruiskulturele sielkunde die studie van ooreenkomste en verskille tussen individue se psigologiese en sosiale funksionering in verskeie kulture en etniese groepe behels. Dit poog om sistematiese verwantskappe te vind tussen (a) psigologiese veranderlikes op individuele vlak en (b) kulturele, sosiale, ekonomiese, ekologiese en biologiese veranderlikes op bevolkingsvlak.

Matsumoto (1994:3) beweer in hierdie verband die volgende:

> *Cross-cultural psychology is not topic-specific. That is, cross-cultural psychologists are interested in a broad range of phenomena related to human behavior, from perception to language, child-rearing to psychopathology. What delineates cross-cultural psychology, is the testing of limitations to knowledge by examining whether that knowledge is applicable or obtainable in people of different cultural backgrounds.*

Die term "transkulturele voorligting" word deur D'Ardenne en Mahtani (1996:5) verkies omdat dit op 'n aktiewe en wederkerige proses in voorligting dui en voorligters wat transkultureel werk, oor, deur en verby kulturele verskille werk. Volgens hulle sluit die benadering tot transkulturele voorligting die volgende komponente in:

- Voorligters se eie sensitiwiteit tot kulturele variasie en kulturele vooroordele van hul eie benadering.
- Voorligters se greep op kulturele kennis aangaande hul kliënte.
- Voorligters se vermoë en betrokkenheid om 'n benadering te ontwikkel wat die kulturele behoeftes van hul kliënte sal reflekteer.
- Voorligters se vermoë om toenemende kompleksiteit te aanvaar in transkulturele werk.

Volgens Conradie (1995:19) word die term "multikultureel" deur verskeie skrywers verkies omdat dit 'n breë en omvattende betekenis reflekteer en die insluiting van 'n **verskeidenheid** kulturele veranderlikes beklemtoon.

Die terme "multikultureel" en "kruiskultureel" word deur verskeie skrywers as sinonieme gebruik en word beskou as 'n proses in voorligting wat ontwerp is om sensitief te wees vir kulturele verskille tussen kliënte en voorligters (Herr 1989:169).

Wehrly (1995:4) verduidelik dat die term "kruiskultureel" gebruik is toe voorligters vir die eerste keer besef het dat kultuur 'n impak het op die voorligtingsproses. Die term is gebruik om aan te dui dat voorligters met kliënte met 'n ander kulturele erfenis as hulself werk. Namate besef is dat die term "kultuur" nie alleen aanduidend is van etniese kultuurerfenis nie, maar dat dit ook verskille in ouderdom, sosio-ekonomiese status, voorkeur in leefstyl, geslagsrolle en so meer aandui, is die term "multikulturele voorligting" meer algemeen in gebruik geneem.

Tans word terme soos "kulturele diversiteit", "kulturele pluralisme" en "verskillende kulture" gebruik om aan te dui dat 'n samelewing uit meer as een ras bestaan en oor, kulturele variasies en oorspronge beskik (Wehrly 1995:4; Conradie 1995:19).

## 5.9 Verantwoordelik en verantwoordbaar

Maree (1998/9:4) onderskei die begrippe "verantwoordbaar" en "verantwoordelik" soos volg van mekaar:

Verantwoordbaar -- neem moontlikhede en verwerklikingsgeleenthede in ag.

Verantwoordelik -- antwoord op 'n goddelike roeping.

# 6 NAVORSINGSPROGRAM

Die volgende stappe word gevolg:

- In hoofstuk twee word 'n oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte rakende beroepsvoorligting gegee.
- Hoofstuk drie verreken kulturele en kruiskulturele faktore wat in die ontwerp van 'n model vir beroepsvoorligting in aanmerking geneem moet word.
- Hoofstuk vier bied 'n oorsig oor bestaande modelle aan die hand waarvan beroepsvoorligting voltrek word.
- In hoofstuk vyf word gepoog om 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te ontwerp.
- Hoofstuk ses omvat die implementering van 'n moontlike model vir beroepsvoorligting aan die hand van enkele gevallestudies.
- In hoofstuk sewe word die studie kortliks saamgevat, bespreek en enkele aanbevelings word gemaak.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

Hoofstuk 1

Inleiding, konseptualisering, probleemstelling en programaankondiging

**Hoofstuk 2**

**`n Oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting**

Hoofstuk 3

Kultuur en kruiskulturele faktore wat in die ontwerp van `n model vir beroepsvoorligting

Hoofstuk 4

`n Oorsig van bestaande modelle vir beroepsvoorligting

Hoofstuk 5

`n Postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

Hoofstuk 6

Implementering en uittoetsing van die model

Hoofstuk 7

Samevatting en aanbevelings



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk Twee

# 'N OORSIG VAN ENKELE EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNTE TOT BEROEPSVOORLIGTING

## 1 INLEIDING

Beroepsvoorligtingsteorieë verskaf riglyne vir beroepsvoorligters aan die hand waarvan beroepsvoorligting voltrek kan word. Volgens Grobler (1996:7) kan kliënte se gedrag aan die hand van teorieë ondersoek word en hipoteses kan aangaande die spesifieke gedrag geformuleer word.

Krumboltz (Savickas & Lent 1994:10) sluit soos volg hierby aan:

. *Similarly, a theory is constructed to serve the specific purposes of its users - understanding a complex phenomenon, making predictions about the future, or choosing courses of action.*

'n Deeglike deurskouing van bestaande beroepsvoorligtingsteorieë is nodig ten einde 'n agtergrond te bied waarteen beroepsvoorligting vanuit 'n postmodernistiese konteks[21] bestudeer kan word. Enkele hoofteorieë sal met genoeg besonderhede beskryf word ten einde 'n begrip te vorm van die inhoud en ontwikkeling daarvan.

Vanuit die literatuur blyk dit dat daar 'n verskeidenheid benaderings bestaan oor die manier waarop individue 'n beroepskeuse maak.

---

[21] Vergelyk hoofstuk een afdeling 5.6 en hoofstuk 5 vir 'n volledige omskrywing van dié begrip

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Grobler (1996:7) aan die hand van Brown en Brooks klassifiseer loopbaan-ontwikkelingsteorieë in die volgende drie kategorieë:

**Teorieë wat beskryf waarom sekere beroepe gekies word**

Volgens Holland (1973) se beroepsklassifikasiemodel kies persone byvoorbeeld beroeps-omgewings wat kongruent is met hul persoonlikheidstipe, terwyl Roe (1956) se persoonlikheidsteorie intrinsieke persoonlikheidsbehoeftes as primêre determinante van beroepskeuse uitlig. Sosiologiese perspektiewe op beroepsvoorligting beklemtoon kulturele en sosiale determinante van loopbaankeuse.

**Beroepsbesluitnemingsteorieë**

Krumboltz (1994) poog om in sy sosiale leerteorie meer lig te werp op die besluitnemingsproses en op die faktore, (onder meer geslag, etnisiteit en sosio-ekonomiese status) wat besluitneming beïnvloed. Tiedeman (1963) se besluitnemingsmodel kan ook hieronder ingedeel word.

**Teorieë van loopbaan- en lewensontwikkeling**

Ontwikkelingstadiums wat dwarsdeur die lewensloop plaasvind, word deur Super (1963) se loopbaan-ontwikkelingsteorie beskryf. Die klem word veral geplaas op die besluite waarvoor 'n individu in elke lewensfase te staan kom.

Volgens Tolbert (1974:34) moet beroepsvoorligtingsteorieë ten aansien van ooreen-komste saamgegroepeer word ten einde dit korrek te verstaan en aan te wend. Hy kategoriseer die verskillende toerieë soos volg:

**Die ontwikkelingsbenadering**

Hierdie teorieë fokus op ontwikkelingsvlakke, -take en -fases wat tipiese aspekte vorm van 'n lewenslange proses. Die individu geniet 'n mate van beheer en vryheid van keuse. Omgewingsfaktore speel egter 'n belangrike rol. Volgens Tolbert (1974:41) was Super, Ginzberg en Tiedeman van die bekendste teoretici wat hierdie benadering gevolg het.

**Die behoefteteorie**

Volgens hierdie benadering word psigologiese behoeftes as sentrale determinante gestel. Ofskoon al die teoretici van die onderskeie benaderings erkenning gee aan behoeftes word dit sentraal geplaas in hierdie benadering. Bekende teoretici sluit in Roe, Holland en Hoppock.

**Die psigoanalitiese benadering**

Bordin, Nachmann, Segal en Galinsky het hierdie benadering aangehang. Dit hou verband met persoonlikheidsdinamiek soos wat dit deur die psigologiese stelsel geïnterpreteer word.

**Die sosiologiese benadering**

Teoretici van hierdie benadering beskou sosiologiese faktore as die hoofinvloed op loopbaankeuse. Miller en Form, Hollingshead en Blau beweer dat die huis, skool en gemeenskap meewerk om te bepaal watter beroepskeuse 'n individu gaan maak.

**Die besluitnemingsteorie**

Hierdie benadering fokus op die wyses waarvolgens individue informasie, selfkennis en persepsies van beloning benut om besluite aangaande loopbaanontwikkeling te maak. Voorstanders van dié teoretiese beskouing sluit in: Gelatt, Hilton, Hershenson en Roth.

Sharf (1992:viii-ix) beskryf die klassifisering van teorieë in drie kategorieë, naamlik: Trek en tipe-teorieë, lewensduurteorieë en spesiale fokus-teorieë .

Vervolgens word Sharf (1992:17-377) se klassifikasie kortliks bespreek, waarna enkele teorieë in meer besonderheid toegelig sal word:

**Trek en tipe-teorieë**

Die volgende benaderings kan in hierdie verband onderskei word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Die trek-faktorbenadering[22] van Frank Parsons (1909)**

Hierdie benadering berus op die beginsel dat 'n verband gelê kan word tussen 'n individu se aanleg, prestasies, belangstellings, waardes en persoonlikheid en die vereistes en omstandighede van 'n bepaalde beroep. Dit verwys dus na die identifisering van karaktertrekke van beide die persoon en die beroep (Sharf 1992:17).

**Holland se teorie van tipes (1966, 1973, 1985a)**

Hierdie teorie beskryf die manier waarop mense hul waardes en belangstellings uitdruk deur die keuse van ‘n beroep. Die keuse van 'n beroep en die aanpassing daarby vorm 'n verlengstuk van 'n individu se persoonlikheid (Sharf:1992:42-63).

**Die werksaanpassingsteorie (Dawis en Lofquist)**

Die werksaanpassingsteorie van Dawis en Lofquist plaas klem op die spesifisering van trekke en faktore van 'n individu en die koppeling daarvan met die vereistes van 'n bepaalde beroep. Die fokus van die teorie berus op die voorspelling van aanpassing in 'n beroep. Die vermoëns en waardes van 'n individu kan as voorspeller dien van hoe daardie individu gaan aanpas by 'n bepaalde beroep (Sharf 1992:94-116).

**Die Myers-Briggs tipe-teorie**

Die Myers-Briggs tipe-teorie het eers onlangs gewild geword onder beroepsvoorligters. Hierdie psigologiese teorie is gebaseer op die werk van Carl Gustav Jung en is in 1920 aangepas deur Katherine Briggs. Die teorie pas binne die konteks van trek-faktorteorieë wat berus op die assesering van aanlegte, prestasies en belangstellings. Dit berus verder op die beskrywing van 'n verskeidenheid van werksomgewings en die persoonlikheidstipes wat daarbinne pas.

**Die lewensduurteorie: Die ontwikkelingsbenadering van Super**

Ontwikkelingstake en stadiums vorm 'n belangrike aspek van Super (1990) se teorie. In hierdie benadering word beklemtoon dat loopbaanontwikkeling 'n lewenslangeproses is

[22] Met hierdie benadering word bedoel die Persoon-Omgewingpassing wat van toepassing is op 'n gegewe punt van besluitneming in die loopbaan van die individu. Die gebruiklike term, "trek-faktor" (Engels "trait-factor"), is afgelei van persoonlikheidstrek en omgewingsfaktor wat die benadering omskryf.

waartydens die individu telkens op verskillende stadiums van die proses, verskillende take suksesvol moet kan afhandel voordat oorgegaan kan word tot 'n volgende stadium (Sharf 1992:121-217).

**Spesiale fokus-teorieë**

**Die psigodinamiese benadering tot loopbaanontwikkeling**

Volgens Sharf (1992:219) word daar in hierdie benadering gebruik gemaak van psigodinamiese teorieë wat toegepas word op beroepsvoorligting. Bordin, Erikson en Adler word beskou as van die bekendste teoretici wat 'n bydrae tot hierdie benadering gelewer het.

Bordin maak veral gebruik van Freud se psigoanalitiese teorie in die toepassing daarvan op beroepsvoorligting. Hy maak verder ook gebruik van Freud se psigoseksuele fases as konseptuele raamwerk vir beroepsvoorligting.

Erikson het nie beroepsvoorligting self direk hanteer nie, maar sy konsepte van ego-ontwikkeling en identiteitskonsepte is deur Munley (in Sharf 1992:227) toegepas op beroepsvoorligting. Erikson se fases van ontwikkeling het vervolgens 'n groot rol gespeel in die werk van Bordin, Super en Tiedeman.

Adler se teorie wat konsepte soos lewensstyl, loopbaanstyl en loopbaanweg insluit, het bygedra tot die konseptualisering van byvoorbeeld Savickas se *Career-style assessment and counseling.*

**Persoonlikheidsontwikkelingsteorie van Anne Roe**

Hierdie benadering voorspel die keuse van 'n beroep gebaseer op individuele verskille. Spesifieke fokus word geplaas op die keuse van beroep op grond van psigologiese behoeftes wat deur 'n individu ervaar word en wat ontwikkel uit die interaksie tussen ouers en kinders. Dit is veral haar klassifikasiesisteem van beroepe wat 'n besondere waarde vir beroepsvoorligting inhou (Sharf 1992:254-273).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Sosiale leerteorie van Krumboltz**

Hierdie teorie beklemtoon die belangrikheid van gedrag/handelinge en kognisies/denke in die neem van beroepsbesluite. Hierdie teorie fokus op die onderrig van beroepsbesluitnemingstegnieke wat kliënte sal help om 'n effektiewe beroepskeuse te kan maak (Sharf 1992:274-299).

**Sosiologiese en ekonomiese benaderings**

**Die insidentele teorie van Miller en Form (1951)**

Hierdie teorie veronderstel dat individue keuses aangaande loopbane maak op grond van toevallige gebeure. 'n Individu sal byvoorbeeld per toeval 'n artikel in 'n tydskrif oor 'n beroep lees en dan 'n belangstelling daarin ontwikkel (Sharf 1992:328-330).

**Die verkryging van statusmodel van Blau en Duncan**

Die uitgangspunt van hierdie model is dat 'n individu se beroepsstatus voorspel kan word op grond van daardie individu se familiestatus . Familiestatus sluit in die sosio-ekonomiese en beroepstatus, inkomste en opvoeding van die individu se vader (Sharf 1992:333-336).

**Die menslike kapitaalteorie van Becker en Wachter**

Die basiese konstrukte van hierdie teorie berus op die aanname dat individue in hul eie opleiding belê ten einde hoër ekonomiese status en meer aansien te kan geniet (Sharf 1992:337-338).

**Teorie oor vrouens en mense van kleur in 'n loopbaankonteks**

Omvattende navorsing deur Roos (1985); Mincer en Polacheck (1974); Almquist (1979) (Sharf 1992:341-344) ondersteun die basis van hierdie teorie, naamlik dat blanke mans beter werksgeleenthede geniet en hoër salarisse verdien as vrouens en mense van kleur.

Elke beroepsvoorligtingsteorie verteenwoordig 'n bepaalde siening van kennis. In hierdie studie word die standpunt ingeneem dat elke teorie in 'n bepaalde sin geldig is en segswaarde het wanneer daar besin word oor die aard en wese van beroepsvoorligting.

**Wetenskaplik gebaseerde beroepsvoorligtingsteorieë toon 'n historiese ontwikkeling wat in 'n groot mate ooreenstem met sinchroniese wetenskaplike en sosiale waardes wat voorrang geniet tydens 'n bepaalde tydperk en in 'n spesifieke land. Hoewel nóg die bepaalde waardes, nóg die bepaalde klimaat waarbinne die meerderheid van die beroepsvoorligtingsteorieë ontwikkel het op direkte wyse op die Suid-Afrikaanse situasie gesuperponeer kan word, beïnvloed die veralgemeende beroepsvoorligtingsteorie noodwendig ook die plaaslike ontwikkeling van opvoedkundige sielkunde as wetenskap. Hierdie teorieë ontwikkel verder nie binne geïsoleerde kontekste nie, maar in wisselwerking met mekaar. Laastens voorsien die beroepsvoorligtingsteorie opvoedkundige sielkundiges van teoretiese grondslae vir praktykstigting, met die einddoel aanvaarbare, toepaslike en geskikte intervensie in die belang van hul kliënte.**

Vervolgens word die sentrale temas van die volgende teorieë van beroepsvoorligting kortliks bespreek:

Holland se teorie van tipes
Super se loopbaanontwikkelingsteorie
Roe se persoonlikheidsontwikkelingsteorie
Die sosiale leerteorie van Krumboltz
Tiedeman se loopbaanbesluitnemingsteorie

# 2 TREK-FAKTOR-BENADERING

## 2.1 Holland se teorie van tipes

### 2.1.1 Opsomming van die teoretiese konsepte

John Holland huldig die siening dat die keuse van 'n beroep 'n verlengstuk van 'n individu se persoonlikheid voorstel. Mense gee uitdrukking aan hul persoonlikheid deur die keuse van 'n beroep. Hierdie keuse word beïnvloed deur 'n individu se waardes en belangstellings (Sharf 1992:45). Holland (in Sharf 1992:45) stel dit dat sy teoretiese model beïnvloed kan word deur faktore soos ouderdom, geslag, sosiale klas, intelligensie en opvoeding.

Holland (1992:2-3) identifiseer ses persoonlikheidstipes waarvolgens individue gekategoriseer kan word. Hierdie ses persoonlikheidstipes kan verder met ses omgewingsmodelle geassosieer word.

Die groepering van persone volgens persoonlikheidstipes en omgewings het tot gevolg dat daar op grond van hierdie groepering bepaalde voorspellings aangaande hul loopbaanuitkomste gemaak kan word. Hierdie uitkomste sluit in: beroepskeuse, beroepstabiliteit en prestasie, persoonlike bekwaamheid, sosiale gedrag en beïnvloedbaarheid.

### 2.1.2 Primêre aannames

Holland (1992:2-4) se teorie word deur vier primêre aannames onderlê. Hierdie aannames beskryf die aard van die persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle, die manier waarop hierdie tipes en modelle bepaal is en die interaksie daartussen.

Die meeste individue kan gekategoriseer word as een van ses persoonlikheidstipes, te wete realisties (R), ondersoekend (I), artisties (A), sosiaal (S), ondernemend (E) en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



konvensioneel (C). Hierdie tipes is ideale tipes of teoretiese tipes. Dit is bloot 'n model waarteen 'n persoon vergelyk kan word.

Daar bestaan ses modelomgewings: realisties, ondersoekend, artisties, sosiaal, ondernemend en konvensioneel. Elke omgewing word gedomineer deur 'n bepaalde tipe persoonlikheid en só word elke omgewing gekenmerk deur fisiese omstandighede wat spesifieke probleme en uitdagings skep.

Mense soek na omgewings wat hulle in staat sal stel om hul vermoëns en vaardighede uit te oefen en om uitdrukking te gee aan hul houdings en waardes, terwyl geskikte rolle aangeneem word. Gedrag word bepaal deur interaksie tussen persoonlikheid en omgewing.

### 2.1.3 Persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle

Holland (1992:9) kon deur middel van die *Vocational Preference Inventory* en die *Environmental Assessment Technique* persoonlikheidstipes en omgewings met mekaar koppel .

Holland was oorspronklik van mening dat 'n individu geken word aan een persoonlikheidstipe. Met latere navorsing het hy egter tot die gevolgtrekking gekom dat 'n persoon se profiel eienskappe van al ses persoonlikheidstipes kan insluit, maar dat subtipes op grond van 'n kombinasie van die mees dominante tipes ontwikkel.
In die ontwikkeling van persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle is daar bepaalde beginsels wat volgens Holland (1992:9) as belangrik beskou moet word:

- Die keuse van 'n loopbaan is 'n ekspressie van persoonlikheid.

Indien loopbaanbelangstelling 'n ekspressie van persoonlikheid is dan is die logiese aanname hieruit dat belangstellingsvraelyste eintlik persoonlikheids-vraelyste is. In aansluiting hierby sê Holland (1977:5)

> *The choice of an occupation is an expressive act which reflects the person's motivation, knowledge, personality and ability. Occupations represent a way of life, an environment rather than a set of isolated work functions or skills.*

- Loopbaanstereotipes bevat belangrike en betroubare psigologiese en sosiale betekenisse. Holland (1992:9) sê tereg *just as we judge people by their friends, dress, and actions, so we judge them by their vocations.*
- Die lede van 'n bepaalde beroep het soortgelyke persoonlikhede en soortgelyke geskiedenisse wat persoonlike ontwikkeling betref.
- Aangesien mense in 'n bepaalde beroepsgroep soortgelyke persoonlikhede openbaar, sal hulle ten opsigte van vele situasies en probleme op soortgelyke wyse reageer. Sodoende word 'n karakteristieke interpersoonlike omgewing geskep.

Langley (1989:25-28) maak 'n grafiese voorstelling van onderskeidelik Holland se persoonlikheidstipes sowel as die beroepsklassifikasiemodel wat soos volg in een model gekombineer kan word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 2.1** 'n Grafieses voorstelling van Holland se persoonlikheidstipes en beroepsklassifikasiemodel. Aangepas na aanleiding van Langley (1989:25-28)



### 2.1.4 Sekondêre aannames van Holland se teorie

Volgens Holland (1992:4) is die sekondêre aannames van sy teorie aanvullend tot die vier basiese aannames wat van toepassing is op persone en omgewings. Die doel van sekondêre aannames is om hoofaannames te kwalifiseer. Vyf konsepte (Holland 1985:5) omskryf die basiese aannames van sy teorie:

- Konsistensie

Holland (1992:4-5) is van mening dat daar binne 'n persoon of omgewing bepaalde pare of tipes is wat meer met mekaar in gemeen het as ander. Holland se heksagoonmodel[23] definieer en dui die graad van persoonlikheidskonsistensie duidelik aan. Konsistensie is dus die graad/mate van ooreenstemming tussen persoonlikheidstipes of tussen omgewingsmodelle. So sal byvoorbeeld realistiese tipes en ondersoekende tipes meer in gemeen hê as konvensionele en artistiese tipes.

- Differensiasie

Sommige persone en omgewings is duideliker definieerbaar as ander. 'n Persoon wat min ooreenstemming met ander tipes of omgewings bevat en hoofsaaklik deur een tipe gedomineer word, sal goed gedifferensieerd wees. In teenstelling hiermee sal 'n persoon wat baie tipes openbaar, of 'n omgewing wat gekenmerk word deur eweredige verskyning van al die ses tipes bevat, swak gedifferensieer of ongedifferensieerd wees (Holland 1992:5). Volgens Grobler (1996:36-37) kan *Die Selfondersoekvraelys (SDS)* en *Die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingvraelys (SABBV)* in Suid-Afrika as meet-instumente om die graad van differensiasie ten opsigte van 'n individu se belangstellings te weerspieël, aangewend word.

- Identiteit

Hierdie konsep verskaf 'n beraming van die duidelikheid en stabiliteit van 'n persoon se identiteit of die identiteit van 'n omgewing. Persoonlike identiteit word gedefinieer as die duidelike, helder, stabiele beeld van 'n individu se eie doelwitte, belangstellings en

---

[23] Vergelyk Holland se heksagoonmodel hoofstuk twee Figuur 2.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



talente. Omgewingsidentiteit is teenwoordig wanneer 'n omgewing of organisasie duidelike, geïntegreerde doelwitte, take en belonings, (wat stabiel oor 'n langtermyntydperk is), handhaaf.

- Kongruensie

Volgens Holland (1992:5) vereis verskillende tipes verskillende omgewings. Só sal die realistiese tipe floreer in 'n realistiese omgewing, omdat hierdie tipe omgewing geleenthede en belonings voorsien wat deur die realistiese tipe verlang word. Inkongruensie vind plaas wanneer 'n tipe in 'n omgewing voorkom, waar geleenthede voorsien word en belange geskep word wat vreemd is vir die persoon se voorkeure (byvoorbeeld 'n realistiese tipe in 'n sosiale omgewing).

- Rekenmetode

Volgens Holland (1992:5) se heksagoonmodel is die verhouding binne of tussen tipes of omgewings volgens die afstande tussen die tipes omgewings inversief proporsioneel tot die teoretiese verhouding wat tussen hulle bestaan. Hierdie ordening verskaf eksplisiete definisies van beide konstantheid van 'n persoon of omgewing (drie vlakke) en kogruensie van persoon of omgewing (vier vlakke).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 2.2** Holland se heksagoonmodel wat die verhouding tussen die Hollandtipes aandui (Sharf 1992: 46).



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.1.5 'n Kritiese evaluasie van Holland se teorie

Volgens Sharf (1992:62) kan die volgende probleme deur voorligters ervaar word wanneer hulle van Holland se teorie gebruik maak:

- Die kliënt se persoonlikheidstipe mag moontlik inkongruent wees met dié van die voorligter. Die gevaar hiervan sal wees dat die voorligter se waardes in terme van persoonlike interaksie en hulpverlening dramaties kan verskil van dié van die kliënt
- Voorligters kan reeds differensiasie ten opsigte van tipes of omgewings toon, omdat hulle reeds 'n beroepskeuse gemaak het en dus waarskynlik reeds 'n voorkeur vir twee of drie tipes het. Die kliënt wat probleme ervaar met beroepskeuse het moontlik min differensiasie ten opsigte van al ses tipes. Dit mag tot frustrasie aan die kant van die berader lei indien die kliënt probleme ervaar met differensiasie.

Langley (1989:32) maak melding van die volgende praktiese implikasies van Holland se teorie vir die voorligter:

- Die voorligtingskliënt word gehelp om 'n passing van sy eie persoonlikheid/belangstellings by ‘n bepaalde beroepsomgewing te maak.
- In gevalle van 'n swak differensiasie van belangstellings, kan die voorligtingskliënt daarop gewys en verdere optrede beplan word.
- In gevalle van inkongruensie tussen persoonlikheid/belangstelling en beroepsomgewing, kan die voorligtingskliënt op die inkonsekwentheid daarvan gewys word en kan moontlike alternatiewe vir groter ooreenstemming tussen belangstellings en beoogde beroepe saam met die kliënt ondersoek word.

Grobler (1996:36) stel die volgende implikasies vir Holland se teorie:

- Holland het vier meetinstrumente aan die hand van sy teorie ontwikkel, naamlik die *Vocational Preference Inventory* (1953 en hersien in 1985), die *Self-Directed Search* (1971 en hersien in 1985), die *Vocational Exploration and Insight Kit* (1980) en *My Vocational Situation* (1980). Die *Holland's Occupational Classification* is aan die hand van Holland se teorie ontwikkel (Grobler 1996:36).

- Die *SDS* word ook in Suid–Afrika as 'n bruikbare instrument beskou, terwyl die *Occupations Finder* 'n doeltreffende beroepsklassifikasie bied en skakeling tussen belangstelling en beroepe volgens dieselfde velde moontlik maak.

Sharf (1992:63) wys daarop dat Holland se teorie reeds met welslae op mense van kleur in Amerika aangewend is en dat Holland se navorsing ook vrouens ingesluit het. Wye navorsing wat reeds rondom hierdie teorie afgeneem is, maak dit 'n gewilde teorie wat deur verskeie beroepsvoorligters gebruik word.

Neethling asook Malan (Grobler 1996:37) meen dat Holland se beroepskeuseteorie met groot vrug in Suid-Afrika gebruik word.

## 3 LEWENSDUURBENADERING

### 3.1 Die ontwikkelingsbenadering van Super

#### 3.1.1 'n Opsomming van die basiese teoretiese aannames

Super (Tolbert 1974:31) gebruik eerder die term "benadering" as "teorie" en stel voor dat sy benadering geëtiketteer kan word as *differential-development-social-phenomenological psychology.*

Super (1990:205) beskryf sy teorie voorts as 'n gesegmenteerde teorie wat die werk van heelwat ander bekende teoretici (soos Thorndike, Hull, Bandura, Freud, Jung, Adler, Rank, Murray, Maslow, Allport, Rogers en andere) insluit. Vanuit die werk van genoemde teoretici het hy die basiese aannames van sy eie teorie geformuleer.

Volgens Sharf (1992:121) is die basiese aanname van sy teorie dat psigologiese aspekte soos genetiese predisponering tesame met geografiese aspekte 'n impak het op fasette van loopbaanontwikkeling. Sodanige aspekte sluit in die ontwikkeling van psigologiese karaktertrekke en die sosio-ekonomiese struktuur van die omgewing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Psigologiese karaktertrekke sluit in die ontwikkeling van behoeftes, waardes, belangstellings, intelligensie, vermoë en spesiale aanlegte wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van 'n individu se persoonlikheid en die individu se suksesse bepaal. Sosio-ekonomiese faktore sluit in die individu se gemeenskap, skool, familie, ouderdomsgroep tesame met die toestand van die ekonomie en die arbeidsmark.

Super (1980:283) beskou loopbaanontwikkeling as 'n lewenslange proses wat reeds in die kinderjare 'n aanvang neem en wat tot ná aftrede kan voortduur. In aansluiting hiermee beskou Super loopbaanvolwassenheid as die vermoë van die individu om sekere vaardighede aan te leer ten einde in staat te wees om die ontwikkelingstake van elke lewensfase suksesvol te bemeester. Super (Langley1989:10) omskryf 'n loopbaan nie slegs binne werksverband nie, maar sien 'n loopbaan as die resultaat van 'n kombinasie van lewensrolle. Hy is van mening dat werksbevrediging afhanklik is van die mate waarin 'n individu sy waardes binne 'n beroepsomgewing kan uitleef. Super (Langley 1989:10) beweer dat loopbaankeuses wat in die verskillende lewensstadiums gemaak word in wese die implementering van 'n individu se selfkonsep is.

Super (Grobler 1996:10-12) formuleer 14 stellings wat die basis van sy teorie vorm:

- Persone verskil ten opsigte van hul vermoëns en persoonlikhede, behoeftes, waardes, belangstellings, karaktereienskappe en selfkonsepte.
- Op grond van hierdie eienskappe kwalifiseer elke persoon vir 'n aantal beroepe.
- Elke beroep vereis 'n kenmerkende patroon van vaardighede en persoonlikheidstrekke. 'n Verskeidenheid beroepe vir elke individu en 'n verskeidenheid van individue binne 'n bepaalde beroep word toegelaat.
- Beroepsvoorkeure en -bekwaamhede verander met verloop van tyd en met toename in ervaring. 'n Individu se selfkonsep is egter relatief stabiel, wat kontinuïteit in loopbaankeuse en -aanpassing verseker.
- Die proses van verandering kan opgesom word in 'n reeks lewensfases ('n maksi-siklus) wat opeenvolging van groei, ondersoeking, vestiging, handhawing en afname verteenwoordig. Hierdie fases kan verder onderverdeel word in (a) die fantasie,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- tydelikheid en realistiese fases van die ondersoekstadium en (b) die eksperimentering en stabiele fases van die vestigingstadium. 'n Mini-siklus vind plaas in die oorgang van een fase na die volgende. Die onstabiele of meervoudige proefneming van loopbane impliseer nuwe groei, herontdekking en hervestiging.
- Die aard van die loopbaanpatroon word bepaal deur die sosio-ekonomiese vlak, kognitiewe vermoëns, opvoeding, vaardighede, persoonlikheidseienskappe en loopbaanvolwassenheid van 'n individu se ouers sowel as die geleenthede waaraan 'n individu blootgestel word.
- 'n Individu se gereedheid om eise in verskillende lewensfases te hanteer, bepaal die sukses waarmee hy/sy eise van die omgewing hanteer.
- Loopbaanvolwassenheid is 'n hipotetiese konstruk.
- Begeleiding van ontwikkeling deur die lewensfases word moontlik gemaak deur die ryping van vermoëns en belangstellings te fasiliteer, en deur ondersteuning van realiteitstoetsing en die ontwikkeling van die selfkonsep.
- Die loopbaanontwikkelingsproses is in wese die ontwikkeling en implementering van 'n beroep-selfkonsep.
- Rollespel en kennis wat deur middel van terugvoering bekom word, bepaal die proses van sintese of kompromie tussen individuele en sosiale faktore enersyds, en selfkonsep en realiteit, andersyds.
- Beroeps- en lewensbevrediging is afhanklik van die mate waarin 'n individu in staat is om sy/haar vaardighede, behoeftes, waardes, belangstellings, persoonlikheidseienskappe en selfkonsep uit te leef.
- Die graad van beroepsbevrediging is eweredig aan die graad van implementering van 'n selfkonsep.
- Werk en beroep bied vir die meeste mans en vroue 'n fokus vir persoonlikheidsorganisering, alhoewel hierdie fokus vir sommige persone periferies, toevallig of nie-bestaande is.

Vervolgens word 'n kort bespreking van die volgende belangrike konstrukte van Super se teorie gegee:

Loopbaanontwikkeling as lewenslange proses

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Loopbaanvolwassenheid

Lewensrolle

Waardes

Selfkonsep

### 3.1.2 Loopbaanontwikkeling as lewenslange proses

Volgens Super (1980:283) behels 'n loopbaan 'n lewenslange proses van aanpassing en voorbereiding vir 'n beroep, werk en beweging tussen beroepe. Dit behels ook die stap om die wêreld van werk te verlaat. Die proses neem 'n aanvang in die kinderjare en kan tot ná aftrede voortduur.

Volgens Healy (1982:14) veronderstel die konsep van loopbaanontwikkeling dat 'n loopbaan bou op dit wat die persoon reeds gedoen het, tans besig is om te doen en dit wat hy/sy nog hoop om te doen. Die evolusie van hierdie proses kan beskou word as 'n ontwikkeling deur die verskillende fases. Super (Tolbert 1974:43-44) onderskei die volgorde van die onderskeie lewensfases soos volg:

**Groeistadium (geboorte tot 14 jaar)**

Algemene karaktertrekke van hierdie stadium sluit in:

- Die selfkonsep ontwikkel deur middel van identifikasie met sleutelfigure in die familie en skool.
- Behoeftes en fantasieë is meer dominant in hierdie fase.
- Belangstellings en kapasiteit word belangrik met toenemende sosiale deelname en realiteitstoetsing.

**Subfases binne die groeistadium**

- Die fantasie-subfase (4-10 jaar)

  Behoeftes is dominant en rollespel in fantasieë is belangrik.
- Belangstellings-subfase (11-12 jaar)

  Genot is die hoofdeterminant vir doelwitte en aktiwiteite.
- Kapasiteitsubfase (13-14 jaar)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vermoëns weeg swaarder en beroepsopleidingvereistes geniet oorweging.

**Die eksplorasie-fase (15-24 jaar)**

Algemene karaktertrekke is selfondersoek, eksperimentasie met rolle, loopbaanverkenning in skool, vryetyd-aktiwiteite en deeltydse werk.

**Subfases in die eksplorasie fase**

- Tentatiewe-subfase (15-17 jaar)

  Behoeftes, belangstellings, kapasiteit, waardes en geleenthede word oorweeg. Tentatiewe besluite word geneem en word deur middel van fantasie, bespreking, kursusse, werk en ander ervarings uitgetoets.

- Oorgang-subfase (18-21 jaar)

  Realiteitsfaktore geniet meer voorkeur terwyl die individu die wêreld van werk betree, opleiding ontvang en pogings aanwend om die selfkonsep te implementeer.

**Proefneming-subfase (22-24 jaar)**

Na aanleiding van die keuse aangaande 'n beroep word hierdie beroep nou op die proef gestel.

**Die vestigingsfase**

'n Algemene eienskap van hierdie fase is dat 'n toepaslike of geskikte werksveld gevind word. 'n Poging word ook aangewend om 'n meer permanente plek in die beroepswêreld te vind. Beproewing mag moontlik verandering in dié fase vergesel. Vestiging in 'n bepaalde beroep mag wel ook op dié stadium nou begin sonder enige beproewing.

**Subfases van die vestigingsfase**

- Beproewings-subfase (25-30 jaar)

  Die gekose beroepsveld mag moontlik nie-toepaslik wees. Een of twee veranderinge van beroep kan moontlik gemaak word voordat 'n toepaslike beroep gevind word.

- Stabilisering-subfase (31-44 jaar)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos wat 'n individu se loopbaanpatroon duidelik word, word pogings (deur die individu) aangewend om daarin te stabiliseer sodat standvastigheid verwerf kan word.

- Die instandhouding-subfase (45-64 jaar)

  Staanplek in 'n beroep is gevestig en pogings word nou aangewend om daarop te bou.

**Die fase van afname (65 jaar)**

Algemene karaktertrekke binne dié fase is die afname in fisieke en geestelike kragte en gepaardgaande veranderende werkaktiwiteite. Rolverandering vind plaas (vanaf selektiewe deelnemer tot observeerder).

**Subfases in die fase van afname (65-70 jaar)**

- Die vermindering van tempo-subfase (65-70 jaar)

  Eise en take mag moontlik aangepas word om afname in werkskapasiteit te akkommodeer. Deeltydse werk mag aanvaar word om voltydse werk te vervang. Aftrede mag ná 70 jaar plaasvind, maar hier bestaan daar verskille ten opsigte van individue se omstandighede.

Healy (1982:16) beskryf die lewensfases soos volg:

> *The career stages are ongoing and overlapping. Each continues throughout life, but generally one stage is dominant at each point in life. The timing of each stage is determined both by the society's educational and work systems and by human nature. Every society evolves its own organization so that it's members in the same age cohort tend to act similarly. The parameters of the organization are dictated by universal factors such as physical and mental maturation, but the particulars of the stage vary across cultures*

Ten einde bogenoemde stadia uit te beeld het Super (1994:68) 'n model ontwerp wat hierdie ontwikkelingstadia grafies kan uitbeeld. Hierdie model staan bekend as die leermodel van loopbaanfases en -take en word soos volg voorgestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


**Figuur 2.3** Die Leermodel van loopbaanfases en -take van Super, soos aangepas deur Brown en Brooks (Sharf 1992:124)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Super (1994:68) beeld hierdie model die klassieke reeks lewenstadia uit. Dit illustreer die kenmerkende take en in sommige omstandighede ook die uitkomste. Die model toon ook die ouderdom waarop hierdie take gewoonlik voorkom en die ouderdom waarop transisie van een stadium of substadia tot 'n volgende plaasvind.

Vanuit die leermodel van loopbaanfases het Super (1994:70) die sirkulering- en hersirkuleringsmodel ontwerp om te illustreer hoe individue in wese (namate hulle deur die lewe reis) met dieselfde ontwikkelingstake in verskillende vorms gekonfronteer word.

**Figuur 2.4** Die sirkulering- en hersirkuleringsmodel van ontwikkelingstake (Super 1994:70).

| Ouderdom | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Adolessensie<br>14-25 | Vroeë Volwassenheid<br>25-45 | Middel-Volwassenheid<br>45-65 | Laat Volwassenheid<br>65 en ouer |
| *Afname*<br>Ontwikkelingstake tydens elke ouderdom | Bestee minder tyd aan stokperdjies | Vermindering van sportdeelname | Fokus op wesenlike | Verminder werksure |
| *Instandhouding*<br>Take tydens elke ouderdom | Verifieer huidige beroepskeuse | Vergewis jou van beroepsposisie | Staan plek vol teen kompetisie | Behou dit wat jy geniet |
| *Vestiging*<br>Take tydens elke ouderdom | Aanvang in `n gekose rigting | Vestiging in `n gepaste posisie | Ontwikkel nuwe vaardighede | Doen wat jy altyd graag wou |
| *Ondersoeking*<br>Take tydens elke ouderdom | Vind uit oor verskillende geleenthede | Vind verlangde geleentheid | Identifiseer nuwe werkstake | Verkry toepaslike plek vir aftrede |
| *Groei*<br>Take tydens elke ouderdom | Ontwikkel `n realistiese selfkonsep | Samehorigheid met ander | Aanvaarding van eie beperkings | Ontwikkel en waardeer nie-beroepsrolle |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die model illustreer 'n afname in gedrag, ook gedurende adolessensie, aangesien minder tyd aan stokperdjies en meer aan hofmakery, die vestiging van 'n huis, gemeenskap en werk bestee word. In die volgende ontwikkelingstadium, naamlik die vroeë volwassenheid, is daar weer 'n afname in sportdeelname vir groter tydsbesteding aan werk- en tuisteskeppende rolle.

### 3.1.3 Loopbaanvolwassenheid

Langley (1989:110) definieer loopbaanvolwassenheid as *die individu se vermoë om toepaslike ontwikkelingstake gedurende 'n gegewe ouderdom of lewensfase te hanteer.*

Super (Sharf 1992:153-154) beweer dat loopbaanvolwassenheid uit die volgende vyf hoofkomponente bestaan:

- Oriëntasie ten aansien van loopbaankeuse wat spesifiek betrekking het op loopbaankeuse en die gebruik van loopbaaninligting.
- Inligting en beplanning aangaande 'n gekose beroep. Dit verwys na die spesifieke inligting wat 'n individu bekom het oor die beroep wat hy/sy wil betree.
- Konsistensie van loopbaanvoorkeur (dit sluit in stabiliteit in loopbaankeuse met verloop van tyd, sowel as konsistensie ten opsigte van loopbaanvelde en vlakke).
- Kristallisering van trekke sowel as houdings teenoor werk.
- Die wysheid van loopbaanvoorkeur wat verwys na die verhouding tussen keuse en vermoëns, aktiwiteit en belangstellings.

Super (Langley 1989:11) beweer dat 'n mens loopbaanvolwassenheid bereik wanneer die volgende afgehandel is:

- Verkryging van kennis oor jouself.
- Die vermoë om loopbaan besluite te neem.
- Verkryging van loopbaaninligting.
- Die vermoë om selfkennis met loopbaaninligting in verband te bring.
- Die vermoë om loopbaandoelstellings realisties aan te pas na gelang van die ondervinding wat in die loopbaanontwikkelingsproses opgedoen is.

### 3.1.4 Lewensrolle

'n Konsep wat deurgaans in Super se teorie na vore tree is die konsep van lewensrolle wat hy soos volg definieer: *A career is defined as the combination and sequence of roles played by a person during the course of a lifetime* (Super 1980:282).

Super beskryf ses hoofrolle, naamlik:

- kind
- student
- vryetydbesteder
- gemeenskapsdeelnemer
- werker
- tuisteskepper

Super (1994:65) se loopbaanreënboog illustreer hoe dié rolle binne die lewensverloop van 'n individu mag varieër. Volgens Super (1980:289) beklemtoon die loopbaanreënboog 'n individu se lewenskoers en sy/haar vernaamste lewensrolle, aangesien dit verband hou met sy/haar lewensloop en lewensruimte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 2.5** Die loopbaanreënboog: ses lewensrolle in 'n skematiese lewensruimte (Super 1980:289)



In hierdie figuur is elke boog verteenwoordigend van 'n rol in die lewe. Hoe groter die ingekleurde area in elke boog, hoe belangriker is die rol. Super en Neville (in Sharf 1992:122) verduidelik die loopbaanreënboog soos hierbo geïllustreer is, soos volg:

> *The person portrayed in this rainbow finished college at the age of 22, went at once to work, married at age 26, became a parent at age 27, intermittently attended school part-time until returning full-time at age 47, suffered the loss of parents at age 57, retired at 67, was widowed at 78, and died at age 81.*

Die meetinstrument genaamd *Die Rolbelangrikheidsvraelys* is deur Super en Neville (in Langley 1989:13) ontwikkel om die relatiewe belang van lewensrolle by 'n individu te bepaal. Die instrument is ook reeds in Suid-Afrika toegepas en vir gebruik beskikbaar (Langley, 1989:13).

### 3.1.5 Waardes

Volgens Super (1973:190) weerspieël waardes die gevoel van 'n persoon teenoor sekere handelinge wat hy/sy van belang ag en wat tot uiting kom in die proses wat gevolg word om bepaalde doelwitte te bereik. Waardes is ingestel op die gevoelsaspek en die bevrediging van 'n behoefte in die bereiking van 'n doelwit.

In aansluiting hierby is Super (1973:190) van mening dat *values are objectives that one seeks to attain to satisfy a need.*

Na aanleiding van Super se bevindinge in samewerking met lede van sy internasionale werkbelangrikheidsondersoekspan, kon 'n waardeskaal ontwikkel word om die belangrikheid van 22 werkswaardes te evalueer. Hierdie waardes sluit in:

- die benutting van vermoëns
- prestasie
- ooruitgang
- estetika
- altuïsme
- outoriteit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- onafhanklikheid
- kreatiwiteit
- kulturele identiteit
- ekonomiese vergoeding
- ekonomiese sekuriteit
- lewenstyl
- persoonlike ontwikkeling
- fisieke aktiwiteit
- fisieke krag
- prestige
- risiko
- sosiale interaksie
- sosiale verhoudings
- geestelike waardes
- verskeidenheid
- werksomstandighede

Katz (1980:34) beskou waardes as die beginpunt van besluitneming in die beroepsbesluitnemingsproses met die volgende bewering: *Values are the starting point in a career decision-making process designed to expand individual freedom and active participation*

### 3.1.6 Selfkonsep

*A self-concept reflects expectations* (Healy 1982:19). Super (1990:207) beskryf die ontwikkeling van die selfkonsep soos volg:

> *The process of career development is essentially that of developing and implementing occupational self-concepts. It is a synthesizing and compromising process in which the self-concept is a product of the interaction of inherited aptitudes, physical make-up, opportunity to observe and play various roles, and evaluation of extent to which the results of role-playing meet with the approval of superiors and fellows (interactive learning).*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sharf (1992:135) beweer dat die selfkonsep in die laat kinderjare tot vroeë adolessentejare na vore tree. Deur die behoefte om meer oor die omgewing te leer en te ontdek en om objekte en mense in die omgewing te eksploreer, leer die kind meer inligting wat die basis sal vorm vir die ontwikkeling van die selfkonsep.

Super (Langley 1989:19) se teorie fokus op drie komponente in die ontwikkeling van die selfkonsep, te wete vorming, oordrag en implimentering. Hierdie drie konsepte word vervolgens kortliks toegelig:

- Vorming

Die vorming van die selfkonsep vind plaas in vyf stadia :

- ✓ Eksplorering: Wanneer die individu bewus raak van sy/haar vermoëns en tekortkominge.
- ✓ Differensiëring: Wanneer die individu bewus word van hoe hy/sy van ander persone verskil.
- ✓ Identifisering: Wanneer 'n individu met 'n rolmodel identifiseer.
- ✓ Rollespel: Wanneer die persoon sekere rolle van 'n beroep uitleef ('n student in regte raak byvoorbeeld by studentepolitiek betrokke).
- ✓ Realiteitstoetsing: Wanneer 'n individu sy/haar eie vermoëns in die praktyk toets.

- Oordrag

Die oordrag van die selfkonsep in 'n bepaalde beroep behels die verwagtinge wat daardie individu van die beroep koester en hoe hy/sy hom/haar daarin uitleef.

- Implementering

Implementering van die selfkonsep verwys na die realiteitstoetsing in die toepassing van die individu se verwagtings binne 'n spesifieke beroep. Wanneer 'n persoon se selfkonsep dus gedurende die lewensiklus verander, kan loopbaankeuses ook verander.

### 3.1.7 'n Kritiese evaluasie van Super se teorie

Langley (1989:19-20) beklemtoon die volgende praktiese implikasies van Super se teorie:

- Die voorligtingskliënt moet gelei word om loopbaanontwikkeling as 'n lewenslange proses te sien.
- Die voorligtingskliënt moet gehelp word om sy/haar vlak van loopbaanvolwassenheid in die betrokke fase te evalueer.
- Die voorligtingskliënt moet verstaan dat 'n loopbaan nie slegs 'n werk is nie, maar die resultaat van verskillende stadia in die lewensiklus. Die kliënt moet gehelp word om te verstaan hoe hierdie rolle aangewend kan word.
- Die voorligtingskliënt moet gehelp word om te verstaan wat die relatiewe belang van werk binne sy/haar eie waardestelsel is.
- Die voorligtingskliënt moet geondersteun word in die opbou van 'n sterk en positiewe selfkonsep.

Crites (Sharf1992:180) is van mening dat, hoewel die ontwikkelingsbenadering tot loopbaanontwikkeling nog onvolledig is met betrekking tot bepaalde aspekte, dit steeds een van die mees omvattende sisteme is waardeur hulpverlening oor loopbaanprobleme aan kliënte gegee kan word. Crites meen dat Super se teorie verder verfyn kan word deur die verhouding tussen hierdie teorie, leerverskynsels en leerprosesse te ondersoek.

Sharf (1992:144-145;198) lewer die volgende kommentaar aangaande Super se ontwikkelingsteorie:

- Deur bewus te wees van Super se verklaring van loopbaanontwikkeling by kinders kan die beroepsvoorligter gehelp word om kinders te verstaan en te ondersteun.
- Super se lewensfaseteorie maak dit moontlik vir die beroepsvoorligter om te sien hoe die voorligter se doelwitte van die kliënt kan verskil. Hierdie kennis stel die voorligter in staat om doelwitte daar te stel in ooreenstemming met die kliënt se loopbaanvolwassenheid.

Osipow (1968:147) beskou Super se teorie soos volg: *The theory is a well ordered highly systematic representation of the process of maturation.* Osipow (1968:147) verklaar dat Super se teorie gefundeer is op omvattende navorsing. Hy voel egter dat hierdie teorie meer aandag behoort te gee aan ekonomiese en sosiale faktore wat 'n rol speel in die uitoefening van beroepsbesluite.

Volgens Baloyi (1996:128-129) is die konstrukte van Super se loopbaanontwikkelingsteorie toepaslik vir hoërskoolleerlinge wat afkomstig is uit Westerse- sowel as Afrikakulture. Navorsing deur Langley (Grobler 1996:25) bevestig dat persône uit Westerse- en Afrikakulture dieselfde oriëntasie deel teenoor die meeste waardes soos deur Super geïdentifiseer. Super se benadering het die daarstelling van die *Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV)* en die *Lewensrolvraelys* gestimuleer (Grobler 1996: 25).

Super (1994:72) is van mening dat sy selfkonsepteorie verder uitgebrei moet word. Hy wys op die behoefte aan 'n beter meetinstrument vir loopbaanvolwassenheid.

Volgens Brown (Grobler 1996:24) behoort Super se veertien stellings uitgebrei te word sodat toekomstige navorsing op 'n sistematiese wyse die werksaamhede van die teorie kan ondersoek.

# 4 SPESIALE FOKUSTEORIEë

## 4.1 Die persoonlikheidsontwikkelingsteorie van Roe

### 4.1.1 Opsomming van die teoretiese konsepte

Roe (Tolbert 1974:59) huldig die standpunt dat die kwaliteit van vroeë verhoudings die ontwikkeling van 'n individu se belangstelling affekteer wat weer uiteindelik die keuse van 'n loopbaan bepaal. Sy stel verder dat elke persoon 'n aangebore geneigdheid het om psigiese energie op 'n sekere manier aan te wend om sy/haar behoeftes te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevredig. Die verspreiding van psigiese energie tussen opleiding en werk, tesame met verskillende ervarings uit die omgewing gedurende die kinderjare, vorm die algemene styl wat 'n individu ontwikkel om sy/haar behoeftes gedurende sy/haar lewensverloop te bevredig.

Volgens Roe is die fokuspunt van haar teorie twee uiteenlopende areas, naamlik persoonlikheidsteorie en beroepsklassifikasie en die integrasie daarvan. Maslow se persoonlikheidsteorie en veral sy teorie oor die hiërargie van behoeftes is aangewend om die betekenis van werk te verklaar, terwyl Roe klassifikasiesisteme van velde en vlakke van beroepe ontwerp het ten einde die beroepswêreld te sistematiseer (Tolbert 1974:61).

Osipow (1973:17-18) verklaar Roe se teorie vanuit twee vlakke:

- Die eerste vlak behels dat elke individu se vermoëns en belangstellings deur genetiese faktore onderlê word. Die verbruik van psigiese energie is nie totaal onder die individu se beheer nie en die individu ontwikkel 'n voorrang van behoeftes wat deels gebaseer is op vroeë frustrasies en deels op genetiese faktore. Dit is veral Maslow (Tolbert 1974:61) se teorie wat daarop wys dat mense se behoeftes hiërargies georden kan word.
- Die tweede vlak behels die wyse waarop die ontwikkeling van patrone en sterk punte van basiese behoeftes beïnvloed word deur ervaringe vanuit die kinderjare. Drie aannames is hier van belang:

✓ Behoeftes wat deurentyd bevredig word, word nie onbewuste motiveerders nie.

✓ Hoë-orde-behoeftes (soos Maslow se selfaktualiseringsbehoefte) verdwyn in totaal indien dit slegs by uitsondering bevredig word.

✓ Behoeftes wat na ongewone uitstel bevredig word, word onbewuste motiveerders van gedrag.

Roe (Osipow 1973: 19-20) gaan van die standpunt uit dat kinderopvoedingspraktyke direk verband hou met die tipe behoeftes wat bevredig word en die uitstel wat betrokke is by die bevrediging van daardie behoeftes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Roe en Siegelman (Tolbert 1974:61) het 'n aantal hipoteses geformuleer wat verband hou met warm en koue tuisomgewings:

- Liefdevolle, beskermende, en veeleisende tuisomgewings sal aanleiding gee tot persoongeoriënteerdheid by die kind wat weer later aanleiding gee tot persoonsgeoriënteerdheid in beroepe.
- Verwerping, verwaarlosing en informele tuisomgewings sal aanleiding gee tot persoonsgesentreerdheid in beroepe.
- Indien ekstreme beskermende en veeleisende omstandighede deur die kind as beperkend ervaar word, mag só 'n kind uit weerstand nie-persoonsgeoriënteerd raak.
- Indien sommige individue verwerping tuis ervaar het, mag hulle persoonsgeoriënteerd raak in 'n soeke na tevredenheid.
- Liefdevolle en informele tuisomgewings verskaf in Tolbert (1974: 49) se woorde *a sufficient amount of relatedness that other factors such as abilities would determine interpersonal directions more than personal needs.*

Op grond van bogenoemde twee vlakke het Roe en Lunnenborg (1990:82) 'n agt-by-ses-skema ontwikkel waarvolgens beroepe geklassifiseer kan word. Dié agt beroepe sluit in:

diens
besigheidskontak
organisasie
tegnologie
buitelewe
wetenskap
algemene kultuur
kuns en vermaak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ses vlakke in elke groep word volgens Roe (Sharf 1992:259), op 'n kontinuum van verantwoordelikheid voorgestel:

- Professioneel en bestuur 1

  Individue in hierdie groep geniet onafhanklike verantwoordelikheid. Dit is die hoogste vlak van verantwoordelikheid in 'n groep. Hierdie individue neem besluite wat baie mense raak.

- Professioneel en bestuur 2

  Individue in hierdie groep het minder onafhanklikheid en minder belangrike verantwoordelikheid en is betrokke by die interpretering van beleid en die neem van besluite.

- Semi-professioneel en kleinsake

  Individue in hierdie groep geniet matige verantwoordelikheid vir ander.

- Geskoolde opleiding

  Individue in hierdie groep ontvang opleiding in die vorm van 'n ambag of loopbaanopleiding.

- Semi-geskoold

  Individue in hierdie groep benodig indiensopleiding en spesiale skoling.

- Ongeskoold

  Individue in hierdie groep benodig min opleiding omdat individue in hierdie groep slegs basiese instruksies hoef te volg.

### 4.1.2 'n Kritiese oorsig van Roe se teorie

Brown (1990:351) is van mening dat Roe nagelaat het om die besluitnemingsproses in aanmerking te neem. Osipow (1973:21) gaan van die standpunt uit dat Roe se stellings oor die impak van ouer-kind-interaksies op loopbaankeuse verskeie twyfelagtighede inhou wat die empiriese validering van die teorie bemoeilik.

Langley (1989:35) beweer egter dat die goeie skematiese ordening van Roe se teorie die voorligter in staat stel om die kliënt te help om sy/haar belangstellings en motiveringsvlak te bepaal. Osipow (1973:36) beskou Roe as een van die eerste

teoretici wat in haar teorie aandag geskenk het aan die rol van persoonlikheid in loopbaankeuse.

## 4.2 Die sosiale leerteorie van Krumboltz

### 4.2.1 Basiese teoretiese aannames

Volgens Sharf (1992:274) fokus Krumboltz se teorie op die onderrig van loopbaanbesluitnemingstegnieke. Hierdie teorie is gebaseer op Bandura (1969, 1977) se navorsing van sosiale leer van menslike gedrag wat op die versterkingsteorie en klassieke behaviorisme fokus. Bandura se teorie stel die volgende: *Individuals personalities grow from their learning experiences more so than from their genetic or intrapsychic processes* (Sharf 1992:274).

Belangrike komponente van die sosiale leerteorie van Mitchell en Krumboltz (1990) sluit in genetiese toedeling, omgewingsomstandighede en gebeure, leerervaringe en taakbenaderingsvaardighede (Grobler 1996:42-43).

- Genetiese toedeling

Dit verwys na aspekte wat oorgeërf word byvoorbeeld haarkleur, lengte, ensovoorts. Hierby ingesluit kan 'n individu ook spesiale vermoëns soos 'n besondere musiektalent of kunstalent oorerf. Hoe groter 'n individu se inherente genetiese vaardighede, hoe makliker sal hy/sy reageer op onderrig. Só sal 'n persoon met beperkte musiektalent minder gunstig reageer op musiekonderrig as 'n persoon met sterk musiektalente (Sharf 1992:275).

- Omgewingsomstandighede en gebeure

Hierdie faktore is gewoonlik buite die beheer van die individu en sluit sosiale, kulturele, politieke en ekonomiese oorwegings in.

Faktore soos onder andere tegnologiese vooruitgang, die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne en veranderinge in sosiale welsynsorganisasies beïnvloed die arbeidsmark en die aanvraag in die gemeenskap Opvoedkundige en beroepsomstandighede (soos

die aantal en aard van beroepsmoontlikhede, opleidingsgeleenthede, sosiale beleid vir die selektering van leerders en werkers, arbeidswette en vakbondreëls, gesinsopvoeding, die opvoedkundige stelsel en die gemeenskap) speel 'n rol.

- Leerervaringe

'n Individu se loopbaanvoorkeur is die resultaat van sy/haar vorige leerervaringe. Vanweë die verskeidenheid van leerervaringe waaraan 'n kind blootgestel word is elke individu se leerervaring verskillend. Volgens Krumboltz (Sharf 1992:277-278) word twee basiese leerervarings, te wete instrumentele en assosiatiewe leerervaringe, onderskei.

- Taakbenaderingsvaardighede

Krumboltz (Grobler 1996:43) definieer taakbenaderingsvaardighede as die verhouding tussen selfwaarneembare veralgemenings en die buitewerêld. Sodanige vaardighede sluit werkgewoontes, verstandelike patrone, perseptuele- en denkprosesse, werkverrigting en standaarde, probleemoriënterings en emosionele response in.

Volgens Krumboltz (Sharf 1992:278) word die wyse waarop 'n individu 'n taak benader beïnvloed deur vorige ervaringe wat weer die uitkoms van die taak beïnvloed.

Sekere taakvaardighede is veral belangrik vir beroepsbesluitneming, naamlik: die stel van doelwitte, verheldering van waardes, voorspelling van toekomstige gebeure, generering van alternatiewe en die soeke na loopbaaninligting.

### 4.2.2 'n Kritiese evaluasie van Krumboltz se sosiale leerteorie

'n Groot leemte bestaan daarin dat Krumboltz se sosiale leerteorie nie 'n ontwikkelingsteorie is nie. Hierdie teorie maak volgens Brown (1990:357) dus nie voorsiening vir die verandering van beroep of loopbaan nie. Tarnow (Grobler 1993:43) beweer weer dat die behavioristiese benadering daarop ingestel is om besluitnemingsvaardighede direk aan te leer waardeur die mens se selfaktualisering ingeperk word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Krumboltz se sosiale leerteorie kan ten spyte hiervan egter beskou word as 'n fondament vir die identifisering van probleme in die besluitnemingsproses. Die verwantskap tussen die sosiale leerteorie en kognitiewe behaviorisme dra positief by tot die identifisering van remediërende tegnieke (Brown 1990:357). Brown stel dit verder dat die sosiale leerteorie goed gedefinieerde konstrukte bevat en toetsbare hipotesese voorsien wat tot gevolg het dat hierdie teorie 'n toekomstige toepassingswaarde mag hê.

Krumboltz (1994:29) som die waarde van sy teorie op met die volgende stelling:

> *A learning theory could describe accurately how occupational relevant skills, beliefs, and emotions are acquired and organized. It could empower both clients and counsellors to construct educational experiences that would move them towards their goals. It could easily encompass the entire range of career-related activities, since all of them are learned. It could integrate career development with the fields of education and psychology, where learning theory has its base. And it could evolve and change easily as new facts and anomalies are revealed.*

## 4.3 Die loopbaanbesluitnemingsteorie van Tiedeman

### 4.3.1 Die teoretiese konsepte

Tiedeman en O'Hara (1963:4) beklemtoon die besluitnemingsproses en die potensiaal daarvan om die individu in beheer van sy/haar omstandighede te plaas. In hierdie benadering word loopbaanontwikkeling gedefinieer as die proses van opbou van 'n loopbaanidentiteit deur differerensiasie en integrasie soos wat die individu werk konfronteer (Tolbert 1980:50).

Tiedeman en O'Hara (in Tolbert 1980:50) definieer dit soos volg:

> *Ego identity is the accumulating meaning one forges about himself as he wrestles with his meeting with society. Ego identity is a psycho-social phenomenon. It is the crystallizing premises of existence which one forges both where one can and where one may in order to establish one's self in the world.*

Daar word in die ontwerp van hierdie model gepoog om die persoon deur middel van konsepte soos persoonlikheid en individuele verantwoordelikheid aan 'n loopbaan te verbind. Erikson (Tolbert 1980:51) se psigososiale teorie van ego-identiteit is as ontwikkelingsraamwerk gebruik vir 'n begrip van die verskillende **differensiasies** en **herintegrasies** wat individue gedurende hul loopbaanontwikkeling ervaar.

Volgens Tiedeman en O'Hara (1963:38-45) begin die besluitnemingsproses wanneer 'n individu probleme of 'n behoefte ervaar en dan besef dat 'n besluit geneem moet word. Die stappe van hierdie besluitnemingsproses neem 'n aanvang met die eerste fase wat bekend staan as antisipasie of preokkupasie en bestaan uit vier stappe:

**Eksplorasie**

Verskeie doelwitte word oorweeg. Individue mag vorige ervaringe in oënskou neem, moontlikhede oorweeg, die wenslikheid van hul doelwitte opweeg, resultate van hul handelinge voorspel en rolle in hul verbeelding uittoets. Individue differensieer tussen aksieplanne en oorweeg die gewensdheid en voorspelbaarheid van elk.

**Kristallisering**

Die individu oorweeg waardes, doelwitte, moontlikhede en belonings en berei hom/haar daarop voor om in 'n spesifieke rigting te beweeg. Stabilisering van denke vind plaas en die individu maak gereed om keuses uit te oefen op grond van die inligting wat in die vorige stap bekom is.

Die derde stap naamlik **keuse**, volg nadat kristallisering plaasgevind het. Die individu kan nou stel wat hy/sy wil doen/wees. Die toereikendheid van die kristalliserings-proses bepaal die uitkoms van hierdie stap.

**Verheldering**

Hierdie stap sluit die fase van besluitneming af. Dit behels verdere analise van die keuse wat uitgeofen is en voorsien geleentheid vir nabetragting en die oplos van twyfel en onsekerhede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die individu is nou gereed vir die **implementerings-** en **aanpassingsfase.** Die drie stappe van hierdie fase sluit in:

**Induksie**

Die individu betree die situasie. Hy/sy soek erkenning en goedkeuring en is ontvanklik vir die eise wat die nuwe situasie stel.

**Reformasie**

Noudat die individu aanvaar word, mag hy/sy meer selfgeldend begin optree deur byvoorbeeld opinies met ander te deel of ter bereiking van selfekspressie in die groep.

**Integrasie**

'n Balans word bewerkstellig tussen die eise van die groep en die behoeftes van die individu. Die konsep van die individu in verhouding tot die groep word gevestig. Die individu begin hom-/haarself as suksesvol beleef en word ook so deur die groep gesien.

Hierdie is 'n dinamiese proses wat die moontlikheid van verandering inhou, waardeur die hele proses van integrasie en differensiasie herhaal kan word.

In 'n latere studie het Miller-Tiedeman en Tiedeman (Sharf 1992:313) bevind dat adolessente leerders eers 'n besluit neem nadat die nadelige gevolge van die besluit ervaar is. Daarna het hulle teruggekeer na die kristalliseringsfase en dan vir 'n tweede keer 'n keuse uitgeoefen. Indien dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is die kristalliseringsfase herhaal en daarna ook die verhelderingsfase, waarna 'n finale keuse uitgeoefen is.

Tiedeman wys daarop dat die individuele styl van besluitneming van groot belang is en nie die kollektiewe besluitnemingstyl van 'n groep individue nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.3.2 'n Kubusvormige besluitnemingsmodel

In 1990 het Miller-Tiedeman in samewerking met Tiedeman (1990:321) die besluitnemingsteorie hersien en 'n kubusbesluitnemingsmodel voorgestel. Miller-Tiedeman en Tiedeman (1990:321) beskryf die kubusbesluitnemingsmodel as *a value-functioning model that allows a person to put his/her own decision-making activity into perspective for himself or herself (personal reality).*

Volgens Miller-Tiedeman en Tiedeman (1990:320) is dit belangrik dat 'n individu bewus moet raak van die verskil tussen persoonlike realiteit en alledaagse realiteit. Persoonlike realiteit verwys na 'n aksie, gedagte, of rigting wat 'n persoon as reg vir hom/haar ervaar. Alledaagse realiteit is dit wat ander 'n persoon aansê om te doen.

Die kubusbesluitnemingsmodel bestaan uit drie stappe: (1) probleemtoestand, (2) sielkundige stemming, en (3) selfbegrip. Hierdie drie stappe word op die drie dimensies van die kubus geposisioneer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 2.6** Miller-Tiedeman en Tiedeman se kubusbesluitnemingsmodel (Miller-Tiedeman & Tiedeman 1990:322)



Die model is 'n skematiese voorstelling van die grammatika van taal wat nodig is vir die individu om hom-/haarself binne die besluitnemingsproses te verstaan. Taal word 'n analise-objek binne die besluitnemingsproses. Die gevolge van die besluit kan hersien word vir moontlike toekomstige aksie.

### 4.3.3 'n Kritiese oorsig van die besluitnemingsmodel van Tiedeman

Tiedeman (Tolbert 1974:42) maak die volgende stelling aangaande die loopbaan-besluitnemingsteorie:

> *A concatenation of concepts that seem to be needed as primitive terms in a science of career development relating personality and career through the mechanisms of differentiation and integration as a chooser chooses and experiences in the evolution of his life problems.*

'n Leemte in hierdie teorie wat deur Miller-Tiedeman en Tiedeman (1990:324) geidentifiseer word, is dat dit nie voorsiening maak vir lewenskonteks nie. Daar word dus geen aandag gegee aan ander lewenskeuses wat moontlik 'n effek kan hê op die individu se loopbaan nie.

Brown (199:359) kritiseer hierdie teorie op grond van die feit dat dit nalaat om die impak van die individu op die konteks in die model van Miller-Tiedeman en Tiedeman te verantwoord .

Volgens Sharf (1992:312) het die paradigma van Tiedeman en O'Hara (1963) daartoe aanleiding gegee dat gedragsnavorsing gestimuleer is. Sharf (1992:324) beoordeel Miller-Tiedeman en Tiedeman se navorsing (vanweë die filosofiese agtergrond daarvan) as verteenwoordigend van 'n metode waarvolgens 'n individu sy/haar wêreld beskou sonder dat definitiewe riglyne vir intervensie aan die voorligter verskaf word.

Die praktiese implikasies van Tiedeman se model sluit in dat die voorligtingskliënt leiding moet ontvang aangaande aspekte soos:

- Die versterking van eie besluitnemingsvaardighede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Die ontwikkeling en versterking van die selfkonsep sodat die kliënt self verantwoordelikheid vir besluite kan aanvaar (Langley 1989:22).

Die besluitnemingsmodel is deur Tiedeman (Grobler 1996:30) gebruik as kernontwerp van 'n gerekenariseerde *Information System for Vocational Decisions (ISVD).* Die oorspronklike besluitnemingsmodel is verder deur Peatling en Tiedeman tot 'n inligtingsisteem vir lewensbesluite veralgemeen.

## 5 'N POSTMODERNISTIESE EPISTEMOLOGIE

Die postmodernisme bevraagteken die moderne geloof in die onafhanklike bestaan van die subjek en die aanname dat taal, soos deur mense gebruik, die werklikheid kan reflekteer. Die postmodernistiese beweging bevraagteken die veronderstelling dat daar interne sisteme van simbole of reëls bestaan en dat die subjek oor universele eienskappe beskik (McLean 1997:12).

Die postmodernisme bevraagteken verder ook die metodologie en die verhewenheid van wetenskaplike denke as middel tot die waarheid. Hare-Mustin en Marcek (1988:462) voer aan dat die postmodernisme gekenmerk word deur die volgende veronderstellings:

> *Randomness, incoherence, indeterminacy and paradox, which positivist paradigms are designed to exclude...creates distance from the seemingly fixed language of established meanings and fosters scepticism about the fixed nature of reality.*

Taal word deur die postmoderniste beskou as 'n belangrike aspek van menslike ervaring terwyl die moderniste taal gebruik het om die objektiewe en subjektiewe wêreld met mekaar te verbind. Die postmoderne benadering beskou taal as 'n sosiale en interaktiewe proses waar taal die draer is van betekenis binne 'n individu se sosiale en persoonlike konteks. Anderson en Goolishian (1988:378) stel die volgende in hierdie verband: *Language does not mirror nature, language creates the natures we know.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die postmodernistiese benadering tot voorligting fokus op kliënte se narratief/ lewensverhaal waar kliënte deur middel van taal uitdrukking gee aan dit wat belangrik is vir hulself om tot betekenisvorming te kom. Kliënte word betrek in 'n proses waar hulle aktief deelneem in die betekenisvorming van hul lewens.

'n Verdere beskrywing van die postmoderne epistemologie onderliggend aan beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks word in hoofstuk vyf gedoen.

## 6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n oorsig van die vernaamste beroepsvoorligtingsteorieë te gee en die praktiese implikasies van elke teorie is uitgelig. Daar word aangesluit by Langley (1989:38) se standpunt dat geen enkele teorie as vertrekpunt vir beroepsvoorligting uitgesonder kan word nie. Die raakpunte wat elke teorie in die proses van beroepsvoorligting het, noodsaak eerder 'n integrasie van bestaande teorieë.

In hoofstuk drie volg 'n uiteensetting van kulturele en kruiskulturele faktore wat verreken moet word alvorens tot die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting oorgegaan kan word.